

Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

Mei 2025

DIE BYBEL

DIT IS

DIE GANSE HEILIGE SKRIF
WAT AL DIE KANONIEKE BOEKE

VAN DIE

OU EN NUWE TESTAMENT

BEVAT

OORGESIT UIT DIE OORSPRONKLIKE TALE

EN

UITGEGEE IN OPDRAG VAN DIE GESAMENTLIKE
KOMMISSIE VERTEENWOORDIGENDE DIE DRIE
HOLLANDSE KERKE IN SUID-AFRIKA

GEDRUK VIR DIE
BRITSE EN BUITELANDSE BYBELGENOOTSAP
GROENTEMARKPLEIN, KAAPSTAD

1933



VOORBLAD: Suritha Aucamp

Inhoud

Mei 2025



JAARGANG 126, NO. 3399,
MEI 2025

- 1 Ons Teologiese Professore
- 2 Die Eerste Bybelvertaling: Deur God self gegee
- 4 Ek hoor ons Here met my praat ... in Afrikaans
- 6 Deur Bybelvertaling gee die Here vir ons 'n amptelik-erkende taal
- 8 Drie geslagte Du Toit-Bybelvertalers: SJ du Toit (1847 – 1911)
- 10 Die seën van die Bybel in jou moedertaal – Juis vir ons kinders
- 12 'n Bybel vir elkeen in sy eie taal
- 13 Griet se storie: 'n Pleister in Afrikaans
- 14 Eers dit: Kerktal – Werkstal – Huistaal
- 16 *Die Kerkblad* kuier by ... Barend du Plessis
- 19 "Ek was 'n punk ... en 'n apostel ..."
- 20 In die wêreld, maar nie van die wêreld nie – Hoe leef ons dit prakties uit?
- 22 Van billike handel na magsvertoon: Trump se tariefoorlog eties beoordeel
- 24 As die mens hom teen God verhef: In selfverheffende tegnologie
- 26 Outeur van die boek Jesaja
- 27 Besoek aan Australië deur Kerkgroeideputate
- 28 Teologiese opleiding en ons professore
- 32 Kleinadvertensies

Korter nuusbrokkies deur die blad versprei

REDAKSIEKOMMISSIE

REDAKTEUR: Ds. C Aucamp
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Mev. V de Kock, mev. G Swanepoel, dr. EJ Smit, JG Noëth, prof. DF Muller, ds. GP Meijer

EUROPESE KORRESPONDENT: Dr. VE d'Assonville

Adresbesonderhede:

- Die Redakteur, Die Kerkblad; e-posadres: anberg@absamail.co.za; sel. 082 377 1112
- Kopieredakteur, Die Kerkblad; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Angie, 018 297 3986; tydskrifte@gksa.co.za
- **Intekengeld** (Admin Buro, by ABSA rek. 670140040)

Gedrukte weergawe sonder koerierkoste	R380 per jaar
Gedrukte weergawe in groep gekoerier	R570 per jaar
Elektroniese weergawe	R160 per jaar
Waar posadres nog verkies word	R570 per jaar

Nuwe of hernude intekening kan geskied deur die bewys van betaling saam met u naam, telefoonnommer, e-pos en fisiese adres te stuur aan tydskrifte@gksa.co.za. Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462



EIENAARS EN UITGEWERS

Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

Ons Teologiese Professore

Die drie basiese dinge by enige opleiding is: 'n leerling, 'n leermeester en die leerinhoud. In die geval van ons teologiese studente, ons toekomstige predikante: 'n student, 'n professor en 'n leerplan.

Artikel 2 van ons Kerkorde stel dit so duidelik: *Daar is vier soorte dienste: die van die bedienaars van die Woord, dié van die professore aan die Teologiese Skool, dié van die ouderlinge en dié van die diakens.*

Nou is dit uit die lig wat via *Die Kerkblad* op ons teologiese opleiding in 'n nuwe bedeling val (sonder ooreenkoms met die NWU) duidelik dat die diens van hulle wat deur die kerke geroep is om die diens van professore te verrig, ernstig in die gedrang kom.

Die registrateur van die GTA, ds. Christo van Vuuren, stel dit duidelik hoe ingrypend die beëindiging van die ooreenkoms met die NWU vir ons professore is. Solank hulle in diens van die NWU is, mag hulle nie van die kant van die GKSA/TSP by onderhandelinge oor toekomstige opleiding betrokke wees nie, mag nie eerstejaarskursusse van die TSP/GTA in 2025 aanbied nie, mag nie klasgee vir studente van die GTA nie, mag nie meewerk aan die kurrikulum van die GTA nie, mag, so blyk dit, selfs nie preekbegeleiding doen vir ons finalejaarstudente van die TSP nie. En dít is waartoe hulle deur die Here geroep is!

Die kerkraad van GK Potchefstroom Die Bult, by wie baie van die professore lidmate is, het hulle ernstige kommer daaroor in 'n brief aan *Die Kerkblad*, wat ons na die Kuratore verwys, uitgespreek. Uit skrywes in hierdie uitgawe van *Die Kerkblad* blyk duidelik in watter onbenydenswaardige situasie ons professore is. Die diens waartoe die Here hulle geroep het, is ernstig in gedrang solank hulle in diens van die NWU is.

Ds. Van Vuuren stel dit duidelik in sy uiteensetting van die feitesituasie in die vorige *Kerkblad*: "As sake bly staan soos dit tans is, het die GKSA teen einde 2026 nie meer die dienste van die huidige professore nie."

Die Kerkblad wil nie kant kies nie. Wil selfs nie

moontlike planne aan die hand doen om hierdie "arbeidsregtelike kwessies" tussen die Kuratore en die NWU op te los nie. Ek glo egter ek praat namens die oorgrote meerderheid van ons lesers as ons 'n dringende appèl tot alle betrokkenes – die beroepe professore ingesluit – rig: So mag dit nie! Die klippe sal dit uitroep!

In ons land het baie dinge verander sedert 1994. Ou strukture en wyses van werk en ou sekerhede is vervang, en tog slaag die meeste van ons instellings, maatskappye en organisasies daarin om 'n weg te vind, om nuut te dink en te doen sodat wat vir ons kosbaar is, behoue kon bly en selfs uitgebou word.

Hoe is dit dan moontlik dat die ontbondeling van 'n kosbare verhouding van 'n eeu-en-'n-half waarby ons kerke betrokke was, nou lyk of dit op 'n morsige egskeiding uitloop, waarin die vierde diens in die kerk van die Here ernstig aangetas en voor moeilike keuses gestel word? Hoe is dit dat "die wêreld" hierin vir ons 'n beskamende voorbeeld is?

Dit wil voorkom of verhoudings 'n probleem kan wees. Was ons so bederf deur die uitsonderlike verhouding tussen die PUK en die latere NWU-Puk en die TSP dat ons nie weet hoe om in 'n nuwe bestel gewoon produktief en probleemoplossend optimaal te kan funksioneer nie? So gewoon om getroud te wees dat ons nou nie weet hoe om spreekwoordelik net handjies vas te hou nie?

Wanneer verhoudings of onderhandelinge tussen twee partye vashaak, is 'n proses van bemiddeling die normale en aangewese weg. Ons het oudrektore van die PUK/NWU in ons midde, ons het oudprofessore wat die kerklike pad ken en óók 'n noue band met die NWU kon handhaaf.

Is dit nie in almal se belang om onder die besef van die kritieke erns van die situasie te vra: "Kom oor en help ons" nie?

Ons moet eenvoudig dringend die "reset-knoppie" druk. ^{DK}

Die Bybel en Afrikaans 100



Op 8 Mei 1925 is Afrikaans as 'n amptelike taal van die Unie van Suid-Afrika deur wetgewing erken. Ons vier nou dankbaar die 100ste “verjaarsdag” van Afrikaans. Ons taal is natuurlik baie ouer, en dit is toe al lank reeds gepraat, gelees en geskryf.

Net soos wat die Duitse taal sy amptelike ontstaan te danke gehad het aan die Duitse Bybelvertaling van Martin Luther, het die aanloop tot die eerste Afrikaanse Bybelvertaling in 1933 die deurslaggewende rol gespeel in die vorming en erkenning van Afrikaans.

In hierdie uitgawe vier ons Afrikaans 100 deur met dankbaarheid te kyk hoedat die Here vir ons deur die Bybel en die vertaling daarvan 'n eie taal gegee het met amptelike erkenning.



Ds. Cassie Aucamp (GK Magalieskruin)

Die Eerste Bybelvertaling Deur God self gegee

Handelinge 2:7-8: *Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal?*

Die Bybelvertaler Totius skryf in sy *Wordingsgeskiedenis van die Bybel in Afrikaans*: *Dit is verstaanbaar dat alleen wat vir ons volkome duidelik is, wat met ons heeltomal siels-een is, ons kan toespreek sonder hindernis of tussenkomende beletsel. Tussen die Woord van God en die siel moet daar 'n intimiteit bestaan wat alleen verkry kan word deur die toespraak en inspraak van die lewende moedertaal. Daarom dan het ook die Heilige Gees op Pinksterdag die groot dinge van God nie laat verkondig in die taal van een nasie nie, maar in die tale van al die aanwesige hoorders.*

Daar was op die Pinksterdag in Jerusalem 'n groot skare mense vir die Pinksterfees bymekaar. Uit alle oorde het hulle saamgekom: *Parthers en Meders en Elamiëte. Hulle kom van Mesopotamië, Judea, Kappadocië, Pontus en Asië, Frigië en Pamfilië. Egipte en die streke van Libië by Cirène, en Romeine wat hier vertoef, Jode en Jodegenote, Kretense en Arabiere.*

Soos die dissipels was hulle almal Aramees of Grieks magtig. Hulle kon mekaar verstaan in die wêreldtaal, die “Engels” van daardie tyd. Petrus het byvoorbeeld sy Aramees gepraat met 'n duidelike aksent. Aan sy Galilese uitspraak het die diensmeisie hom uitgeken die nag toe hy Jesus verloën het.

Maar wat gebeur hier met Pinkster? Nie die een wêreldtaal wat almal darem so min of meer verstaan en met 'n eie aksent praat nie. Nee: *Ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek.* In ons moedertaal, sê die 1983-Vertaling.

Op wonderbaarlike wyse begin die dissipels praat in die tale van elkeen van die aanwesiges. Die Romein hoor die dade van God in Latyn, die Egiptenaar in Egipties, die Jood in Hebreeus. Bybelvertaling op een dag, vanuit die heme! Wat openbaar die Here hiermee aan ons?

Pinkster is die fees van die Woord

Met Pinkster word daar gepraat, gepraat oor die

groot daade van God. Die evangelie word verkondig! Die een groot saak op die agenda van die nuwe bedeling wat met Pinkster aangebreek het: praat, verkondig, bring die Woord, dra dit uit, spreek van die groot daade van God. Pinkster, die dag van die eerste preek in die kerk van die Here, deur Petrus.

Dis onvermydelik. Waar die Gees van God jou beheers, daar kan jy nie stilbly nie, sal jy met 'n brandende ywer sy getuie wees. Pinkstertyd is sendingtyd. Woordbediening. Pinkster het alles te doen met wat elke Sondag, oggend en aand, in jou gemeente gebeur. Die wonders van die Pinksterdag is tonge van vuur en 'n geluid soos 'n geweldige rukwind, maar ook 'n tale-wonder, 'n wonder van die Woord.

Die nuwe Godsvolk

Die Woord van God in al die tale, dit sê vir ons: die tyd van Israel alleen is verby. Egiptenare, Romeine, Kretense, Arabiere ... julle word deel van die volk van God. God se genadestroom breek oor die walle van Jerusalem, stroom deur die wêreldlande. Psalm 87 gaan in vervulling: *O koninklike stad, maak wyd jou woning: God self wil jou laat groei op grootser wys. Egipte, Babel, Filistyn en Moore, ook Titus ken my Naam as hoogste skat.*

Ag, hoe het die dissipels nie nog eng Joods gedink nie: *Gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel oprig?* Maar Jesus sê: *Julle sal my getuies wees, tot die einde van die wêreld.*

Die eerste Bybelvertaling sê vir ons: God maak sy volk bymekaar uit alle volke. Die rivierstroom wat tot nou toe deur die bedding van Israel gevloei het, oorstroom nou sy walle, word 'n bruisende

watervloed wat nie grense ken nie, breek uit na alle volke oor die wêreld. Jy, Egiptenaar, en jy, Meder, en jy, Elamiet. Jy Engelsman en jy Zoeloe, en jy, Afrikaner. Almal deel van die nuwe volk van God. Die evangelie van Jesus Christus is ook vir jou bedoel.

En ag, die nuwe Godsvolk wat met Pinkster gebore word, is nie een groot nasie waarin taal en kultuur verdwyn nie. Pinkster trek nie 'n streep deur my Afrikaner-wees nie. Elkeen hoor die evangelie in die taal wat sy moeder hom geleer het. Jy, Romein, hoef nie eers Jood te word en jou eie taal prys te gee om deel van die Godsvolk van die Nuwe Testament te wees nie. God se huis is 'n veelkleurige huis.

Die intieme praat van God in my moedertaal

Die wonderdade van God in die taal waarin ek gebore is. Dit sê vir my: God kom staan naby my.

Neem vanaand weer jou Bybel in jou hand. Jou eie, Afrikaanse Bybel. Sien daarin: God praat met my. Hy praat met my Afrikaans. Want Hy is nie en wil nie vir my 'n vreemdeling wees nie.

Is jou Godsdien dalk vir jou vaag, in misterie gehul? God dalk tog vir jou die *onbekende, vreemde God?* Op die Pinksterdag en met elke nuwe taal waarin sy Woord vertaal word, sê Hy vir ons: Ek kom staan hier by jou. Ek is voluit deel van jou lewe. Ek praat nie met jou in geheime kodes nie. Ek is nie lewensvreemd nie. Ek praat jou taal! So wil Ek hê moet jy My ken. Want hierdie Woord wat jy in jou hand het, in jou eie taal, hierdie Woord verkondig aan jou: Jesus Christus, Seun van God, wat sy hemelwoning verlaat het, en hier op aarde, hier in die stofstrate van Nasaret en Jerusalem en Jerigo en Samaria kom loop het, met mense gepraat het, mense aan Hom gebind het – Hy is nie vreemd nie. Hy is werklik in jou lewe. Hy het jou gekoop uit alle volk en stam en taal. Buig in aanbidding voor Hom neer, en ook jy word deel van sy volk, oor die aarde heen vergader.

Sy volk, wat die heerlikheid van die nasies die Nuwe Jerusalem sal indra. ^{DK}



Ek hoor ons Here met my praat ... in Afrikaáns



Groot was die vreugde toe ons in Augustus 1933 die eerste volledige Bybel in Afrikaans kon begin gebruik. Vir etlike eeue vóór 1933 was die Nederlandse Statenvertaling vir Afrikaanssprekende Christene die enigste toegang tot die skrifgeworde Woord van God. En vandag is daar verskeie Afrikaanse vertalings van die Bybel beskikbaar. Ons het vir prof. Fika gevra om vir ons perspektief te gee op hierdie spektrum van Afrikaanse vertalings.

Hoe geseënd is ons dat Handeling 2:6 óók vir ons Afrikaanssprekende gelowiges waar geword het: dat ons, wanneer ons die Bybel lees, die Here met ons hoor praat in ons eie taal, Afrikaans! Veelvoudig geseënd is ons dat ons nie net één nie, maar etlike Afrikaanse vertalings het!

Die skrifgeworde Woord van God, in die spreektaal van die betrokke tyd

Die woorde wat God gepraat het, het op drie maniere gestalte gekry: (1) die skepping wat deur die Woord ontstaan het, (2) die Bybel as skrifgeworde Woord van God, en (3) Jesus van Nasaret, die mensgeworde Woord van God. Die Bybel is die Woord van God, wat Hy deur sy Gees geïnspireer het, deur middel van mense en aan mense. Hierdie kommunikasie van God is gerig tot mense in 'n spesifieke tydvak, in 'n spesifieke kultuur, en in die spreektaal van daardie mense.

Die gesag van hierdie skrifgeworde Woord van God is egter nie beperk tot die tydvak van die mense aan wie dit in die eerste plek gerig is nie, maar is bedoel vir alle mense van alle tye, in hulle kulture en in hulle tále.

Vir eeue lank was die Ou Testament slegs in Hebreeus (met 'n klein deel in Aramees) beskikbaar, totdat dit in die 2de eeu vC in Grieks vertaal is, sodat die talle Griekssprekendes wat Ou-Testamentiese gelowiges geword het, die Woord van God in hulle moedertaal kon lees. En toe die 26 boeke van die Nuwe Testament in die eerste eeu van ons jaartelling geskryf is, is dit gedoen in Grieks – die algemene spreektaal van die Middellandse See-gebied. In die 4de eeu nC is die Ou Testament en Nuwe Testament in Latyn vertaal, omdat dit in die Weste al meer Grieks as die algemene spreektaal verplaas het.

Latyn verskraal tot kerktaal en só word die Bybel toegesluit

Vroeg in die Middeleeue het Latyn egter sy status as algemene omgangstaal verloor, sodat slegs priesters wat Latyn studeer het, die Bybel kon lees. Verkeerdelik is spoedig van die standpunt uitgegaan dat die Bybel oorspronklik in Latyn geskryf is, en dat dit onterring van die Bybel sou wees om dit in enige ander taal as die “heilige” Latyn beskikbaar te stel. En dit was ook as veiliger beskou dat slegs “kundiges” die Bybel kan lees, omdat dwaling só gekeer sou word.

Die skrifgeworde Woord van God móét in die gewone praattaal van mense wees

Met die Reformasie is die belangrikheid besef dat die Woord van God wat Skrif geword het, vir almal beskikbaar moet wees, en wel in hulle moedertaal. Só is die Bybel spoedig – ná 'n hewige stryd en selfs kerklike teregstellings – vertaal in die destydse spreektaale soos Duits, Frans, Nederlands (Statenvertaling), Engels (King James Version), ensovoorts.


En toe daar aan die suidpunt van Afrika, onder God se genadige beskikking, 'n nuwe Afrikataal ontwikkel met die gepaste naam “Afrikaans”, was dit vanselfsprekend binne die reformatoriese tradisie dat die Bybel in Afrikaans vertaal moet word (al was daar van ons voorgangers wat – soos die Latyners van destyds – gereken het dat slegs Nederlands reg laat geskied aan die heiligheid van die Woord)! Groot was die vreugde toe ons in Augustus 1933 die eerste volledige Bybel in Afrikaans kon begin gebruik. Veelvoudig geseënd is ons dat ons in 2025 meerdere Afrikaanse vertalings het.

Die pad van die Woord van God in Afrikaans

- 1874: Arnoldus Pannevis pleit tevergeefs vir Afrikaanse vertaling by Britse Bybelgenootskap
- 1878: CP Hoogenhout – *Markus-evangelie*
- 1889: SJ du Toit – *Di Bybel in Afrikaans. Dri proewe*
- 1912: WJ Conradie – *Afrikaanse Kinderbybel*
- 1916: 'n Kommissie begin met eerste amptelike vertaling
- 1922: *Die Vier Evangelieë en die Psalme*
- 1928: *Die vier Evangelies en die Psalms*
- 1933: Die Bybel
- 1953: Hersiene 1933-Vertaling
- 1983: Die Nuwe Afrikaanse Vertaling
- 1992: Herformulerings vir 1983-Vertaling
- 2002: Die Boodskap
- 2004: Multivertaling-Bybel
- 2006: Die Nuwe Lewende Vertaling
- 2007: Bybel vir Doves / Bybel vir Almal
- 2020: Die Bybel

'n Spektrum van Bybelvertalings in Afrikaans

Hierdie wye spektrum van vertalings (1933 tot 2020) verteenwoordig verskillende benaderings, almal iewers op die kontinuum tussen brontaalgerigte en doeltaalgerigte vertalings. Sowel die brontaal- as doeltaalgerigte benaderings wil die bedoeling van die Bybeldeel so getrou moontlik oordra. Die verskil lê daarin dat die brontaalgerigte vertalings die taalstruktuur van die brontale (Hebreeus/Aramees en Grieks) soveel as moontlik probeer behou, terwyl die doeltaalgerigte vertalings meer daarop ingestel is om die taalstruktuur van die doeltaal (Afrikaans) te benut. Die kontinuum tussen brontaalgerigte vertaalmetodes en doeltaalgerigte vertaalmetodes asook die plasing van enkele Afrikaanse Vertalings op hierdie kontinuum kan soos in die illustrasie onderaan voorgestel word.



Die 2020-Vertaling (en die 1933/53-Vertaling)

Hierdie brontaalgerigte vertaling gee 'n getroue weergawe van die betekenis van die Skrifdeel, met behoud van beelde, metafore, styl en struktuur van die brontaal. Daarmee word baie van die vorm van die oorspronklike teks behou, maar die betekenis is partykeer nie onmiddellik duidelik nie.

Die 1983/92-Vertaling

Hierdie meer doeltaalgerigte vertaling gee voorkeur aan die bedoeling van die Skrifdeel, en wil dat die huidige lesers die vertaling as gewone

Afrikaans ervaar. Hierdie voorkeur vir die oordra van betekenis veroorsaak dat die taalstruktuur van die oorspronklike dikwels verlore gegaan.

Die Nuwe Lewende Vertaling (NLV) (2006/11)

Hierdie doeltaalgerigte vertaling wil enersyds getrou bly aan die Skrifteks, en andersyds die boodskap van die Skrifdeel op 'n lesersvriendelike manier in keurige, eietydse Afrikaans formuleer sodat dit direk met vandag se lesers praat. Dit is nog meer doeltaalgerig as die 1983/92-Vertaling.

Die Boodskap (2002/06)

Hierdie vertaling is volledig doeltaalgerig. Die doel is om die Bybel te laat hoor in die taal wat ons elke dag praat. Dit beteken dat woorde en sinne omskrywe word ten einde die lesers meer in die bedoeling van die betrokke Skrifdeel in te trek. Dié vertaling wil eerder die bedoeling van sinne weergee, as wat dit woord vir woord vertaal.

Die Multivertaling-Bybel (2004)

Hierdie vertaling gee verskillende Afrikaanse vertaalmoontlikhede, met die 1983-Vertaling as basis. Dit gee brontaalgerigte alternatiewe vertalings waar die 1983/92-Vertaling doeltaalgerig is, en omgekeerd: waar die 1983/92-Vertaling brontaalgerig is, gee die Multivertaling-Bybel doeltaalgerigte alternatiewe.

Veelvuldig geseënd met ons veelvoudige Afrikaanse Bybelvertalings

Wat moet ons reaksie wees op hierdie veelheid van Afrikaanse Bybelvertalings? Dankbaar moet ons hulle as veelvoudige seën beskou. Beskou die verskille as moontlik geldige alternatiewe vertalings of as aanvulling tot mekaar. In stereo-Afrikaans hoor ons die Here met ons praat. ^{DK}

Deur Bybelvertaling gee die Here vir ons 'n amptelik-erkende taal



Noodsaak vir 'n Bybelvertaling in Afrikaans

Suid-Afrika is 'n veeltalige samelewing met 31 lewende tale waarvan 12 amptelike tale is. Bybelvertaling het 'n groot rol in die erkenning van die amptelike tale gespeel.

Toe Afrikaans op 8 Mei 1925 as amptelike landstaal erken is, is die weg gebaan vir 'n aanvaarbare Bybelvertaling in Afrikaans. Die Statenvertaling (1637) is deur Afrikaanse Bybellesers gebruik totdat die volledige Bybel in Afrikaans op 27 Augustus 1933 amptelik deur kerke in Suid-Afrika in gebruik geneem is. Dit is die sewende volledige Bybel in Suid-Afrikaanse amptelike tale na Setswana (1857), isiXhosa (1859), Sesotho (1881), isiZulu (1883), Sepedi (1904) en Xitsonga (1907).

Afgesny van die Nederlandse invloed ná die tweede Britse oorname van die Kaap in 1806, was die gevolg die ontwikkeling van Afrikaanse variëteite aan die Kaap, in die omgewing van die Gariep, die Oosgrens, in die Oranje-Vrystaat Republiek en die Zuid-Afrikaanse Republiek. Die Statenvertaling was onverstaanbaar en 'n Bybelvertaling in Afrikaans was noodsaaklik.

Bybelvertalingsbeweging (1872-1911) en aanvanklike teenstand

Die beweging om die Bybel in Afrikaans te vertaal, is begin deur 'n onderwyser, Arnoldus Pannevis, op 7 September 1872 in 'n brief in *De Zuid-Afrikaan*. Sy kollega, CP Hoogenhout, publiseer in 1873 die Bybelverhaal oor Josef in Afrikaans vir kinders en waarin hy voorbidding vra vir 'n Bybelvertaling in Afrikaans. Hy vertaal ook Matteus 28, maar *De Kerkbode* het dit nooit gepubliseer nie.

Omrede die Statenvertaling vir duisende lesers 'n geslote boek is, skryf Pannevis 'n brief op 7 November 1874 aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap

(BBBG) waarin hy pleit vir 'n Afrikaanse Bybelvertaling. Die pleidooi was onsuksesvol. Die meeste predikante aan die Kaap was ook daarteen gekant.

'n Vergadering op 14 Augustus 1875 in die Paarl besluit om die Genootskap vir Regte Afrikaners (GRA) op te rig wat met die BBBG kan onderhandel. Die onmiddellike breër oogmerk was om Afrikaans as kulturele taal met hoër funksies te bevorder.

Alhoewel die Afrikaanse vertaling van die boek Markus deur Hoogenhout reeds in Januarie 1878 voltooi is, is dit nooit gepubliseer nie.

Op 24 Augustus 1878 besluit die GRA dat die tyd ryp is om met 'n Afrikaanse Bybelvertaling voort te gaan. Dit is eers op 26 Januarie 1884 dat 'n kommissie saamgestel word vir die doel. Op 18 September 1885 word ds. SJ du Toit as hoofvertaler gekies.

Kerklike sinodes gee geringe steun vir sodanige vertaling of besluit dat dit ongewens is. Daar was ook nie eenstemmigheid of dit 'n vertaling van die brontaaltekste of die Statenvertaling moet wees nie.

Du Toit publiseer in 1889 *Di Bybel in Afrikaans, Dri Proewe*, waarin hy sy benadering verduidelik. In 1890 begin hy uit die brontaaltekste vertaal.

Bewys vir die hoër funksies van Afrikaans

Du Toit se gewilde reisroman *Di Koningin fan Skeba, Salomo syn oue Goudfelde in Sambesia* (1896-1898) is in Afrikaans geskryf en is ruimtelik en chronologies verwyder van Suid-Afrika. Dit speel af in Rhodesië en verder terug in die tyd van die Ou Testament en antieke Egipte.

Du Toit bewys dat dit moontlik is om oor enige onderwerp in Afrikaans te handel, ongeag hoe ver verwyderd dit is van die omgangstaal. Die Bybelse

verband is betekenisvol. Dit bied aan Du Toit die geleentheid om die wêreld van die Bybel te betrek sonder om inbreuk te maak op die kerklike verbod op die gebruik van die Afrikaanse taal vir Bybelvertaling en in preke, en die weiering deur die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap om die Bybel in Afrikaans te vertaal.

Eerste vertaalde boeke en hulle ontvangs

Die vertalings van Genesis (1893), Matteus (1895), Openbaring (1898), Hooglied (1905), Psalms (1907), Handeling (1908a) en Markus (1908b) is gepubliseer. Du Toit sterf op 28 Mei 1911 en die vertaalpoging loop daarmee ten einde.

Daar was egter nog diegene wat die gebruik van Nederlands in plaas van die opkomende Afrikaans bepleit het. Nederlands was nog steeds in die kerk gebruik tot 1920. Bybellesers was oortuig dat Nederlands en die Statenvertaling verkiesliker is as die Afrikaanse “dialek” en ’n Afrikaanse Bybelvertaling – die belangrikste rede vir die mislukking van die projek. Die eenvoudige en alledaagse spreektaal kon nie sonder meer die statige taalgebruik van die Statenbybel vervang en Bybeltaal word nie. Vir Bybellesers was vertalings soos “di Gees van God broei op di waters” (Gen. 1:2) in 1893 en “uw knopkiri en wandelstok fertroos my” (Ps. 23:5) in 1907 onaanvaarbaar.

Naoorlogse Bybelvertalingsprojek (1912-1922)

Die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 het die impak van Britse imperialisme verminder en die gebruik van Afrikaans is bepleit – ook in die kerk.

In 1912 verskyn die Afrikaanse kinderbybel van WJ Conradie, wat bygedra het om vooroordeel teen die gebruik van Afrikaans in die godsdiens te verwyder. In 1914 lewer prof. BB Keet ’n toespraak waarin hy aantoon dat die skrywers van die Nuwe Testament in Hellenistiese Grieks, die volkstaal, geskryf het en Martin Luther die Bybel in Duits, die volkstaal, vertaal het. Verstaanbaarheid maak dit noodsaaklik dat die Bybel in Afrikaans vertaal moes word.

Tydens die sitting van 25 Mei 1916 het die Vrystaatse Sinode van die NG Kerk goedkeuring daarvoor verleen en die vertaalwerk begin amptelik op 22 November 1916 in Bloemfontein met die Breë Vergadering, bestaande uit die Vrystaatse Sinode se Kommissie van Bybelvertaling en die afgevaardigdes van die Gereformeerde Kerk. Daar is besluit om die Statenbybel in Afrikaans te vertaal.

As skryftaal het Afrikaans nog nie ’n vaste vorm

gehad nie en daar moes na ’n eenvormige standaard gesoek word. Op 4 April 1917 is besluit om eers ’n voorlopige vertaling te maak, en 100 eksemplare privaat te sirkuleer, om ’n standaard te vind. Prof. Postma moes Johannes 1-9 vertaal, ds. Gerdener Johannes 10-15, ds. Van der Merwe Johannes 16-21, Dr. Keet Jona en Hosea 1-2, dr. Muller Hosea 3-8, dr. Du Toit Hosea 9-14. Elke vertaler moes die vertaling gebruik wat hy ken, maar ander bruikbare vertalings moes tussen hakies geplaas word.

Die sirkulasie in 1917 van die proefvertaling *Die Heilige Evangelie volgens die Beskrywing van Johannes, Die Profeet Hosea, en Die Profeet Jona* het die polemiek oor Afrikaans weer laat opvlam. Hierdie debat het die vertalers laat besluit om die kerklike publiek oor die resultate van die Bybelvertaling in te lig deur ’n proefvertaling, *Die Vier Evangelieë en die Psalme*. Van der Merwe moes Matteus afhandel, Postma Markus, Keet Lukas en Du Toit die Psalms. Dit het in 1922 verskyn, maar misluk weens die Nederlandismes in uitdrukkings soos “om Syns Naams wil” en “my beker is oorvloeiende” (Ps 23:3, 5), wat onaanvaarbaar was in ’n tyd toe Afrikaans as taal belangrik geword het vir ’n nuwe identiteit vir die Afrikaner.

Die Bybel in Afrikaans (1923- 1933) en Afrikaans as ’n amptelik-erkende taal (1925)


In die lig van die negatiewe kritiek het die vertalers besef dat ’n suiwerder Afrikaanse vorm nodig is om meer onafhanklik van die Nederlandse Statenvertaling te raak. Daar moes uit die brontale vertaal word, omdat Afrikaans die potensiaal het om aan te pas by die Ou Nabye-Oosterse kultuur. Daardeur kon die styfheid van die Nederlands aan die een kant en die platheid van die gewone Afrikaanse spreektaal aan die ander kant vermy word. Hierdeur is ’n eie, volwaardige en volgroeide Bybeltaal geskep.

Die proefvertaling *Die Vier Evangelies en die Boek van die Psalms* (1929), die 1933-vertaling en die 1953-hersiening is positief ontvang. Daar is byna 2 miljoen eksemplare van die 1933-vertaling verkoop en byna 5 miljoen eksemplare van die 1953-hersiening in die eerste 50 jaar van die gebruik daarvan. Die 1953-hersiening is steeds die topverkoper.

Die probleem vir die Bybelvertalers was om hulle te bevry van ’n dominante Nederlandse uitdrukkingswyse van die Statenvertaling sodat Afrikaans gebruik kon word volgens sy eie idioom. Die bevryding het in Mei 1925 gekom toe Afrikaans amptelike status verkry het. Eers toe kon die eise wat Bybelvertaling stel ’n onontbeerlike rol in die ontwikkeling van ’n skryftaal en ’n deftige styl van ’n jong taal speel.^{DK}

Drie geslagte Du Toit-Bybelvertalers

SJ du Toit (1847 – 1911)



Op die pad van die Bybel in Afrikaans het drie geslagte Du Toits diep spore getrap. In die eerste van 'n reeks van drie artikels gee dr. Victor E d'Assonville 'n populêre verwerking van 'n referaat wat sy vader gelewer het by die Derde Internasionale Hugenote-konferensie op Stellenbosch, September 2002.

Afrika en Bybelvertaling

Bybelvertalings het 'n lang geskiedenis op die Afrika-kontinent, in die besonder as 'n mens dink aan die Septuaginta-vertaling van die Ou Testament (ontstaan in die 3de en 2de eeu vC in veral Alexandrië) of die Koptiese vertaling (3de eeu nC). Met die opkoms en ontwikkeling van Afrikaans as selfstandige taal in die 19de eeu en daarna met die amptelike erkenning van Afrikaans in die 20ste eeu was daar drie prominente generasies vertalers van die Bybel in Afrikaans – die drie geslagte van die Du Toit-familie, naamlik SJ du Toit (die oupa, 1847–1911), JD du Toit (die vader, 1877–1953) en S du Toit (die kleinseun, 1905–1982). Wat meer is, hierdie drie geslagte Du Toit-Bybelvertalers het nadruk gelê



op 'n beginsel vir Bybelvertaling wat sowat 15 eeue teruggaan na Augustinus, ook van Afrika (Noord-Afrika in sy geval). Behalwe dat hierdie drie Bybelvertalers in hulle metode in die voetstaple van Augustinus gevolg het, het hulle ook konsekwent vasgehou aan eise wat deur die Nasionale Sinode van Dordrecht (1618-1619) neergelê is:

- Die vertaling moet so nou as moontlik aansluit by die oorspronklike grondteks.
- Die tipiese Hebreuse en Griekse segswyses (koloriet) moet behou word.
- Die doeltaal waarin die vertaling gedoen word, moet suiwer wees.
- Die vertaling van die Hebreuse Naam Jahwe moet met hoofletters weergegee word.

Met 'n kort reeksie van enkele artikels word hier 'n beknopte oorsig van die werk van hierdie drie generasies Afrikaanse Bybelvertalers – drie geslagte Hugenote-nasate – gegee en beurtelings by hulle besondere werk met die vertaling van die Bybel in Afrikaans stilgestaan.

Die eerste geslag Du Toit-Bybelvertaler

SJ du Toit, die eerste van hierdie drie generasies Du Toit-Bybelvertalers, was geweldig veelsydig. By geleentheid bestempel as die “vader van die Afrikaanse taal”, was hy, naas sy belangrike bydraes op die onderwysereen (oprigting van die Hugenote Gedenkskool, Paarl – eerste Afrikaansmedium skool in Suid-Afrika, superintendent van onderwys in die ZAR, Transvaal), boonop die stigter van die eerste Afrikaanse politieke party in suidelike Afrika. Verder was hy – 'n digter en die eerste Afrikaanse romanskrywer (*Die Koningin van Skeba*) – met sowat 72 publikasies die mees produktiewe Afrikaanse skrywer van die Eerste Taalbeweging – dít benewens sy honderde indien nie meer artikels oor jare in die vyf tydskrifte waarvan hy die redakteur was. Daarby kom die feit dat SJ du Toit ook betrokke was in die mynweese en 'n groot yweraar vir 'n eie Afrikaanse bankwese en Afrikaanse nywerhede. En, les bes, SJ du Toit was ook 'n Afrikaanse Bybelvertaler. Trouens, teen die einde van die lewe van hierdie dinamiese genie was Bybelvertaling sy belangrikste aktiwiteit waaroor hy in 'n boek, *Die Bybel in Afrikaans*, sou berig.

Jeugdige ywer vir die Bybel in Afrikaans

As 'n jong man van skaars 26 is daar alreeds in 'n belangrike brief

deur dr. Arnoldus Pannevis op 7 November 1874 aan die *Britse en Buitelandse Bybelgenootskap* na Du Toit as 'n vertaler van die Bybel in Afrikaans verwys. Pannevis lewer 'n pleidooi dat die Bybel in die taal van duisende Afrikaanssprekendes onder die sogenaamde "bruin bevolking" vertaal moet word om sodoende "die Koninkryk van God in hierdie wêrelddeel te bevorder". In hierdie selfde skrywe word SJ du Toit as 'n "briljante predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk" aanbeveel.

Afrikaanse Bybelvertaling en stigting van die GRA

Die betrokke Bybelgenootskap het deur middel van hulle sekretaris, ds. George Morgan, positief gereageer en kontak met SJ du Toit opgeneem. Op sy beurt het Du Toit 'n vergadering van 'n groep ondersteuners van 'n Afrikaanse Bybelvertaling vir 14 Augustus 1875 in die Paarl byeengeroep. In die geskiedenis van die Afrikaanse taal is dit 'n bekende feit dat hierdie vergadering uitgeloop het op die belangrike beweging ten behoeve van die Afrikaanse taal, die *Genootskap van Regte Afrikaners* (GRA).

Die omvang van SJ du Toit se Bybelvertaling

Vir sowat 20 jaar sou SJ du Toit onverpoosd in sy vrye tyd, dikwels by 'n olielamp en telkens as hy kon tyd afknyp, aan die vertaling werk. Te midde van geweldig baie ander aktiwiteite (kerklike werk, politiek, publikasies, redigering van tydskrifte en reise) het hy gewerk om die Bybel vanuit die grondtale in Afrikaans te vertaal. Dit is jammer dat sy onverwagse dood in 1911 – ná 'n ongeluk – 'n einde daaraan gebring het. Die volume werk wat toe al afgehandel was, is onvoorstelbaar groot – minstens 1000 bladsye in druk behalwe nog handgeskrewe manuskripte soos byvoorbeeld die Evangelie van Lukas. Die volgende Bybelboeke is volledig in Afrikaans gepubliseer: Genesis, Psalms, Hooglied, Jesaja, Matteus, Markus, Handeling van die Apostels en Openbaring. "Ds SJ du Toit was 'n groot figuur, 'n man met 'n vérsiende blik, iemand wat sy tyd in baie opsigte véruitgeloop het. Hy was die eintlike groot baanbreker, ook op die gebied van die Afrikaanse Bybelvertaling" (PJ Nienaber, in sy Geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling, 1934:40).

Bybelvertaling met aantekeninge


SJ du Toit het hom egter nie tot die vertaling beperk nie. Addisioneel daartoe het hy eksegetiese verklarings in aantekeninge verskaf. Sy verklaring het egter nie sy vertaling gedomineer nie. Dít wat in die bronteks staan, was bepalend en moes die finale deurslag gee. Daarvoor het hy baie sterk gevoel.

Doel van die Afrikaanse Bybelvertaling

Die beweegrede vir SJ du Toit vir die Bybelvertaling in Afrikaans was uit-en-uit die sending. Die Woord van God in die taal van die mense. Duisendes wat Afrikaans praat, moes bereik word om deur die prediking die Christelike evangelie konkreet in hulle omstandighede uit te dra. Hy verklaar onomwonde: "Liewer 'n ongeleerde Afrikaanssprekende met sy Bybel as 'n geleerde Europeër sonder God."

Heftige teenkanting

Die felheid waarmee teen die Afrikaanse Bybelvertaling en selfs persoonlik oor hierdie saak in die 19de eeu gereageer is, is onbe-



Ds. SJ du Toit, sy eerste vrou, Elizabeth Jacoba Joubert, en hulle seuns, onder wie Totius (regs). Die oudste seun is as jong man oorlede. Twee dogters is ook uit dié huwelik gebore. Mev. Du Toit is op 1 November 1882 in Pretoria oorlede.

gryplik. Nog minder is dit vandag vir ons verstaanbaar dat leiersfigure en vergaderings van die destydse groot NG Kerk (Kaapkolonie) die inisiatiewe vir 'n Afrikaanse Bybelvertaling geoponeer het. Teen die agtergrond dat die sendingroeping, juis in die 19de eeu, buitengewoon sterk in Suid-Afrika voorgestaan is – dat die evangelie na alle volke in hulle eie tale gebring moet word – is dié teenkanting vreemd.

Volharding ... die saai van die saad

Om ten spyte van hierdie verdoemende uitsprake van sy eie kerk en onder moeilike persoonlike omstandighede alleen met sy taak te volhard, het ontsettende eise aan SJ du Toit gestel. Tog het hy daarmee aangehou tot met sy dood in 1911. En die wonder het gebeur: SJ du Toit het die saad vir 'n Afrikaanse Bybelvertaling gesaai. Hierdie saad het wortel geskiet, gegroei en sou later met sy seun, JD du Toit (Totius), ongekende bloei beleef. In 1933, 22 jaar ná SJ du Toit se dood, sou die ryk, heerlike vrug van al sy swoeg en sweet sedert die ontstaan van die GRA in 1875 gepluk word – die Bybel in Afrikaans! ^{DK}

(Volgende keer meer oor JD du Toit as Bybelvertaler.)



Die seën van die Bybel in jou moedertaal Juis vir ons kinders

Dr. Alet van Rhyn is 'n dosent by AROS en het in 2018 haar PhD-graad in Opvoedkundige Sielkunde behaal. Aangesien haar studie ondermeer gehandel het oor die effek op kinders wat nie in hulle moedertaal onderrig ontvang nie, het *Die Kerkblad* haar versoek om vanuit haar studieveld vir ons te skryf oor die waarde van 'n Bybel in hulle moedertaal vir Afrikaanse kinders. Alet is die eggenote van dr. Malan van Rhyn van Pretoria-Noord en die ma van ds. Gerrie van Rhyn van Komatipoort.

Ons het die ongelooflike voorreg om die Bybel in Afrikaans te kan lees. Dit is 'n voorreg wat ons maklik as vanselfsprekend aanvaar. Om God in jou moedertaal te kan dien en aanbid, het 'n wesenlike invloed op jou geloofsbeleving, jou denke, jou hele menswees.

Die Bybel as anker en bron van onderrig

Die Bybel in Afrikaans het natuurlik 'n onberekenbare groot invloed op ons kinders. Met die ontstaan en groei van Afrikaans as 'n onafhanklike taal was daar aanvanklik nie baie Afrikaanse boeke om te gebruik nie. Dit was ook in die tydperk van die Groot Trek en die tydperk daarna die geval. Die Bybel is toe grootliks as primêre leermiddel gebruik. Afrikaanse

geletterdheid het toegeneem omdat baie kinders met die hulp van die Bybel leer lees en skryf het. Sedert die 1920's is daar meer doelgerigte pogings aangewend om Afrikaanse onderrigmateriaal te ontwikkel. Die *Trap der Jeugd* is een van die eerste boeke wat gebruik is in die oorgang van Nederlands na Afrikaans as onderrigtaal in skole.

Die verskyning van die Bybel in Afrikaans in 1933 het die ontwikkeling van Afrikaanse geletterdheid 'n geweldige hupstoot gegee. Kinders kon nou die Bybel in hulle eie taal lees! Ons wat ouer is, onthou nog hoedat daar in elke skool en in elke klas genoeg Bybels was vir elke kind om te gebruik.



Ontluikende geletterdheid

Enige opvoedkundige sal dit beaam dat die bemees-tering van lees- en skryfvaardighede 'n proses is wat begin lank voordat formele onderrig begin. Hierdie proses wat lei tot die uiteindelijke bemees-tering van lees en skryf, word ontluikende geletterdheid ge- noem. Die proses wat lei tot goed ontwikkelde taal- vaardighede vereis blootstelling aan geskrewe taal, kognitiewe groei en goeie kwaliteit onderrig.

Kinders wat opgroei in omgewings waar boeke be- skikbaar en leesgewoontes gevestig is, het 'n bedui- dende voordeel. As hierdie boeke 'n Bybel in die kind se moedertaal insluit, het dit ewigheidswaarde! Godsdienste moet vir ons kinders 'n persoonlike bele- wenis wees, 'n naby verhouding met die Here. Om hierdie persoonlike aspek van hulle verhouding met die Here te beleef, moet hulle Hom "ontmoet en leer ken in hulle eie taal, en dit in die Woord".

Navorsing toon dat kinders wat in hulle moedertaal onderrig word, akademies meer suksesvol is. In Suid- Afrika is daar baie kinders wat nie moedertaalonder- rig ontvang nie. Dit het die direkte gevolg, soos wat die *Progress in International Reading Literacy Study* (PIRLS) aantoon, dat 'n groot persentasie Graad 4-leerders nie met begrip kan lees nie. Een van die redes is dat hulle nie in hulle moedertaal onderrig ontvang nie.

Geletterdheidsuitdagings vir Afrikaanse kinders

Afrikaans is die moedertaal van miljoene mense in Suid-Afrika. Ongelukkig ervaar baie Afrikaanse kin- ders ernstige lees- en skryfuitdagings. 'n Belangrike oorsaak is onvoldoende blootstelling aan Afrikaanse leesmateriaal. Storieboeke is in baie huise 'n luukse. Die afwesigheid van biblioteke in skole en gemeen- skappe is nog 'n bydraende faktor.

Ouers maak ook soms die fout om kinders baie meer bloot te stel aan 'n tweede taal, veral Engels, in 'n goed bedoelde poging om die kinders so gou as moontlik tweetalig te maak. 'n Tweede taal bou egter op die grondslag van die moedertaal. Indien hierdie moedertaalgrondslag ontbreek of nog onvoldoende ontwikkel is, kan dit lei tot taal- en leerprobleme.

Tegnologie is nog 'n faktor wat geletterdheid beïnvloed. Kinders kry dikwels op 'n te vroeë ouderdom toegang tot selfone en ander toestelle. Meestal ont- breek volwasse toesig en kontrole. Die gebruik van die elektroniese toestelle op 'n te jong ouderdom neem die plek in van gesonde leesgewoontes en onderdruk die ontwikkeling van verbeelding en taal.

Die rol van die Bybel in taalontwikkeling

Dit bring ons weer by die vraag: Besef ons die waarde van Afrikaans as moedertaal? Meer nog, besef ons die rykdom daarvan om die Woord van die Here in ons moedertaal te kan lees en bestudeer? Besef ons die invloed wat dit op ons kinders het? Die Woord van God is beskikbaar aan elke persoon wat kan lees. Ouers doen dikwels baie moeite om vir hulle kinders geleentheid te skep om te lees, omdat goeie leesvermoë 'n noodsaaklike vaardigheid is. Dit is al wetenskaplik bewys dat net 'n paar minute se voorlees elke dag 'n kind se latere vermoë om met begrip te lees, eksponensieel beïnvloed. As ver- bondsouers moet ons die Bybel ook gebruik om vir ons kinders voor te lees. Moenie die gebruik van die Bybel beperk tot huisgodsdiens, indien dit wel plaasvind, en die voorbereiding vir katkisasie en die voorlesing in die kerk nie. Deur die Bybel te gebruik, nie net vir sekere geleentheid nie, maar ook om daagliks vir jong kinders voor te lees, bereik ons 'n dubbele doel. Kinders word nie net lief gemaak vir lees nie, maar ook vir die Here en sy Woord. Die By- bel is een van die kragtigste instrumente wat ons kan gebruik om taalvaardigheid te bevorder. Behalwe huisgodsdiens en Bybelstudie, kan die volgende ge- doen word:

- Maak Bybellees deel van die gesinsroetine.
- Gee aan elke kind hulle eie Bybel sodra hulle kan lees.
- Help kinders om kort, toepaslike gedeeltes self te lees.
- Bied agtergrondinligting aan, sodat hulle die teks beter verstaan.
- Gebruik dramatiese intonasie wanneer voorgelees word om aandag en begrip te verhoog.

Dit is 'n bewese feit dat gedramatiseerde voorlees 'n groot impak op die taal vaslegging, insig en begrip van 'n kind het. Dit kan veral toegepas word tydens die geleentheid waar 'n volwassene of ouer kind op hierdie manier vir die kleiner kinders voorlees.

Dankbaarheid en verantwoordelikheid

Afrikaans het die afgelope eeu gegroei en ontwikkel as 'n lewende en ryk taal. Ons het die voorreg om die Woord van die Here in ons moedertaal te lees. Kom ons benut hierdie seën ten volle. Deur daagliks die Bybel saam te lees en voor te lees aan ons kinders en deur kinders aan te moedig en dit moontlik te maak dat hulle self kan lees, gehoorsaam ons die opdrag van Deuteronomium 6:6-7: "*Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees. Jy moet dit inskerp by jou kinders, en met hulle daaroor praat, as jy in jou huis sit, en as jy op die pad is, en as jy gaan lê en as jy opstaan.*"^{DK}



'n Bybel vir elkeen in sy eie taal

Ds. Rodney van Wyk is sedert 1984 predikant van die Gereformeerde Kerk Grassy Park. Hy is tans die Hoof Uitvoerende Beampte van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. *Die Kerkblad* het hom versoek om vanuit die perspektief van die Bybelgenootskap 'n kort bydrae tot hierdie tema-uitgawe te maak.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is sedert 1820 aktief besig met Bybelwerk in Suid-Afrika. Gemotiveer deur die Groot Opdrag in Matteus 28:18-20, vervul die Bybelgenootskap sy missie om bekostigbare Bybels in elkeen se eie taal en in geskikte formate beskikbaar te stel sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar. Dit word bereik deur die Bybel in alle tale van Suid-Afrika te vertaal, dit in verskillende formate te publiseer en na alle uithoeke van Suid-Afrika te versprei.

My pad met die Bybelgenootskap strek oor 'n periode van byna 40 jaar. Ek het die destydse Sinode Suidland en daarna Klassis Boland op die Westelike Streek se Streekraad verteenwoordig. Ek het ook vir 11 jaar op die Raad van Direkteure gedien. Dit bly 'n besondere voorreg en 'n roeping om deel van hierdie bediening te wees. Elke dag word ek herinner aan mense se hunkering na God se Woord – nie in 'n vreemde taal nie, maar in hulle eie harttaal.

Dit is 'n groot taak om by te dra tot projekte wat mense se geloof verdiep, hulle hoop herstel en hulle verhouding met God versterk. Ek sien my rol nie net as 'n werk nie, maar as 'n deel van God se groter plan vir hierdie land.

Die Bybel in Afrikaans het nie net 'n ryk geskiedenis nie, maar ook 'n opwindende toekoms. Nie net met die voorsiening van die gedrukte Bybel in die verskillende Afrikaanse vertalings nie, maar ook om te voorsien in die

groeïende behoefte van die Bybel in oudioformaat, op digitale platforms en in toepassings. Ons glo dat Afrikaanssprekendes, oud en jonk, die Bybel in hulle eie taal op relevante maniere moet kan ervaar. Ter viering van die 100-jarige viering van Afrikaans as amptelike taal stel die Bybelgenootskap twee publikasies bekend. Die gewilde *Die Bybel vir almal* verskyn binnekort in 'n nuwe formaat en met drie nuwe bindstyle. Later in die jaar volg die heruitgawe van die oorspronklike 1933-vertaling – 'n kosbare skat van ons taalgeskiedenis.

Spesiale oomblikke in my lewe is wanneer ek sien hoe die Bybel – die lewende Woord van God – mense se lewens aanraak, transformeer en rig. Hierdie oomblikke herinner my telkens aan die krag van God se Woord en die betekenis van my roeping om dit vir elkeen toeganklik te maak. ^{DK}



Elektroniese gesprekke Kerke en lidmate

Sorg Met Eer is die projek wat ons kerke geloods het om ons emeriti en hulle afhanklikes vir die diensjare voor 1994, toe die Pensioenfonds ingeskop het, eervol te help versorg. Dit is 'n projek van vrywillige bydraes deur kerke en lidmate om te help om die agterstand wat ons opgebou het, af te werk sonder dat ramings daarvoor verhoog moet word.

Die projek is goed op dreef, maar kort nou weer 'n ekstra poging om ons versorgingsvlakke te kan handhaaf. Daarom beplan ek elektroniese gesprekke met kerkraadskommissies en lidmate oor die volgende twee maande.

Ek sal elke Maandag, Woensdag en Donderdag beskikbaar wees vanaf 19:00 en sal kerke kontak om so 'n vergadering te reël. U kan my ook skakel by 082 377 1112 om so 'n halfuur-gesprek te bespreek.

Intussen doen ons weer 'n beroep op u om bydraes vir *Sorg Met Eer* in te betaal by:

Geref Emeritaatstrust, ABSA, rek. 670288412. Verw: SME. Bewys na wymiedup@gksa.co.za – Ds. Cassie Aucamp (Projekbestuurder)

'n Pleister in Afrikaans

“Is die besoektyd al verby?”, vra 'n bejaarde manspasiënt vir my so skuins na agt. Hy lyk steeds hoopvol om iemand te sien wat besoektyd vir hom kom kuier. Sy teleurstelling is so groot toe hy die klokkie hoor lui wat die einde van nog 'n besoektyd aankondig.

Vanaand is hý die pasiënt wat my vashou langs sy bed. Hy is dankbaar om iemand te sien wat Afrikaans praat. Die dag sonder sy eie familie en kuier in sy eie taal was net te lank, besef ek.

“Ek kan met jou praat,” sê die bejaarde man. “In my eie harts-taal ... want ek wil so graag met iemand praat, ek het dit nodig om vanaand met iemand te praat wat my verstaan! Jy lyk soos een!”

“Ek weet die ander mense doen hulle bes, maar ek kan nie vir hulle sê van die pyn hierbinne nie!” Hy stamp met sy hand op sy bors.

Wanneer ek hom dan die geleentheid gee om te praat en vir hom wys ek luister met oorgawe, skiet sy blou oë vol tranes. “Ek is al vier dae hier ... Geen kind of kleinkind wat kom kuier nie, niemand nie en ook nie 'n telefoonoproep nie!”

“Dis Paasnaweek, dalk is hulle bietjie weg vir die naweek”, probeer ek troos. Ek kom agter sy vrou is alreeds oorlede en hy is in voltydse versorging. Bitter eensaam en alleen. Hy voel vergete en nutteloos. “Ek is soos 'n ou skoen – vergete is al die myle wat ek getrou saamgestap het! My voorland is net een plek, die ashoop!”, vertel hy my met 'n stem wat wil breek, die man is gebroke.

“Moenie weggaan nie, bly bietjie by my,” vra hy. “Jy weet, ek was



so goed vir my kinders. Ek lê hier en dink – wat kan hulle teen my inbring? As daar 'n probleem was, het ek altyd vir hulle die pad gelyk gemaak. Ek het hulle alles gegee wat hulle nodig gehad het. Ons het met niks begin nie en tog deur die swaar het hulle oorgedra. Ek het gegee wat ek nie gehad het nie, maar nou ... Hulle het my nie meer nodig nie, welaf en vol belangrike programme met skoonkinders wat nie weet hoe hard ek vir my kinders gewerk het nie! Ek lê hier en nou moet ek ook myself uitdruk in Engels – want dit is mos nou die taal waarin 'n oumens vandag moet praat! Ek is alleen. Alleen met my verdriet en pyn!”

Sy eensaamheid en gevoel van teleurstelling spoel oor die walle van 'n baie vol gemoed.

Hy kry koffie en 'n toebroodjie en ek kry 'n dringende oproep en daarna het ek kans om na die res van die hospitaal om te sien.

Toe ek so twee ure later weer by hom 'n draai maak, is hy steeds wakker. Ek vra vir hom wat ek vir hom kan doen. Hy gryp my hand styf vas. “Sal jy vir my 'n stukkie lees?” hy beduie na sy Bybel – verweer van die jare se gebruik. “In die geharwar om met die ambulans hospitaal toe te kom na my val, het die versorgers nooit my bril ingepak nie. Dit sal wonderlik wees as jy vir my Psalm 23 kan lees”, vra hy met 'n dringendheid toe ek die Bybel oopmaak.

Ek lees dit stadig en gevoelvol in sy gehoorapparaat. Totaal onbewus dat die ander pasiënte – letterlik van elke nasionaliteit in ons land – ook lê en luister in die kamer.

Hy lê met toe oë. Hy luister aandagtig. Traandammetjies vorm in die hoeke van sy oë. Soos ek vorder, hoor ek hoe sy asemhaling al hoe rustiger raak en hoe hy aan die einde met die laaste sin toe heeltemal slaap. Toe ek klaar is, hoor ek hoe al die ander pasiënte vir my – byna soos in 'n koor ... “Baie dankie!” en “Thank you” sê met hulle verskeie aksente. Die vertroostende woorde van Psalm 23 was vanaand 'n heilsame pleister in hierdie kamer. Elkeen kon 'n pleister plak op sy eie probleem.

“Die oupa het baie geroep vandag – hy soek sy kinders!”, sê 'n simpatieke pasiënt langs hom in die kamer. “Nou sal hy slaap, want hy het troos gekry in sy hart, want hy het sy Bybel in Afrikaans gehoor!” ^{DK}



Aktuele rubriek onder leiding van ds. Gerben Meijer

Kerktaal – Werkstaal – Huistaal

Taal. Geen mens kan daarsonder nie. Vir die een is dit iets wat elke dag gebruik word sonder om verder daaroor na te dink. Vir die ander is dit 'n groot liefde: om mooi sinne te formuleer, goeie grammatika te gebruik, kreatief te skryf. Dit is iets waarin jy jou kan verdiep. Inhoudelik is die studie van woorde 'n ryk skat op sigself.

Hoe sit ons moedertaal Afrikaans as sisteem inmekaar? Is dit regtig maar net 'n vervormde kombuistaal, of is dit dié modernste vorm, met sy eenvoud in grammatika, van al die Westerse tale? Hoe is ons taal deur ander tale beïnvloed? Hoe werk taalverwerwing? En: Hoe werk meertaligheid? Juis omdat daar soveel variasies is en omdat taal deurlopend verander, is dit 'n onderwerp wat selfs heelwat wetenskaplikes mateloos interesseer.

Die oorsprong van taal

Die oorsprong van taal vind ons as kinders van die Here in die Skrif. In Johannes 1:1 staan daar: *“In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.”* Deur die Woord het alles ontstaan, sonder Hom bestaan nie een ding wat ontstaan het nie. God het met woorde geskep. Hy het gepraat en dit was daar.

Vandaar sien ons regdeur die Skrif die krag van die Woord. Die Woord sal terselfdertyd jou swaard en jou skild wees, 'n wapen vir beide aanval en verdediging. Hoe bekwaam jy hierdie wapen hanteer, hoe meer sal jy in hierdie lewe die pad saam met die Here kan stap.

Die Bybel getuig ook dat hy wat die Woord ken en wie se woorde daardeur bepaal word, aan hom word 'n groter mag toevertrou as die van presidente en wêreldregeerders. Hy wat sy woorde bemeester, is in beheer van sy gemoed. Hy wat sy gees onder beheer het, is sterker as diegene wat stede inneem.

Die belangrikheid van taal

Hierin sien ons hoe belangrik taal vir ons is. Woorde

is 'n gawe van God. Vir Christene is jou taalgebruik 'n kosbare deug. Inherent aan taalgebruik is dat dit alles met jou identiteit te make het.

Daarom is dit belangrik om te let waardeur jou taalgebruik gevorm word. Deur jou taalgebruik, deur jou manier van praat, kom jou identiteit na vore. Om die rede behoort kerktaal – werkstaal – huistaal, al sal daar in verskillende omstandighede ander woordeskat gebruik word, dieselfde vorm te hê. As iemand heeltemal anders as jy praat en van die gewone taalgebruik afwyk, skep dit selfs vinnig die gevoel dat jy jouself nie tuisvoel in die taal van 'n ander nie.

Die ontwikkeling van taal

Tans mag ons Afrikaans as moedertaal herdenk. Van sy oorsprong tot waar dit nou is, het dit heelwat ontwikkel. Dit is eie aan taal en hoe mense hiermee omgaan. Jong mense praat anders as ouer mense. Party vermeng tale met mekaar sodat jy nouliks kan uitmaak of iemand Afrikaans of Engels praat. In verskillende plekke is daar dialekte, woorde wat anders beklemtoon word. 'n Plat “a” of 'n ronde “o” kan sekerlik as kulturele erfgoed beskou word.

Ook het ons te make met mense wat Afrikaans vanuit 'n ander kultuur aanleer en dit verweef met hulle eie kultuur. Afhanklik van maatskaplike ontwikkeling is daar vroeër of later invloede van die een of ander taal. Dit is iets wat deur die eeue heen al so is. Dit is nie rede tot vrees nie. Inteendeel, dit is rede om jouself te verwonder oor taal. Dit is besonders dat ons onself kan uitdruk deur taal. Dat daar soveel variasies is. Ons praat almal Afrikaans, maar elkeen van ons met subtiele verskille en nuanses. Ons taal weerspieël dit wat in ons harte leef.

Ons taal weerspieël ook dit wat in die samelewing gebeur en watter invloede uitgeoefen word. 'n Groot gawe om jouself oor te verwonder en terselfdertyd ook een wat met groot verantwoordelikheid gebruik moet word.

Die gebruik van taal

Op meerdere plekke benadruk die Skrif die heilige gebruik van tong en taal. Dit geld nie net vir sekere mense nie, maar vir elkeen as 'n grondwet. Die apostel Paulus skryf hieromtrent in Kolossense 4:6: *“Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord.”* Nie net op die kansel en met huisbesoek moet daar mooi gepraat word nie, maar ook in die daaglikse lewe en in die omgang met ander in die samelewing.

As kinders van die Here is ons taal gerig op die Woord. In ons huise moet ons kinders grootword in 'n omgewing waar taal Godgerig gebruik word. Dit is 'n bewese saak dat mense hulleself verbind aan 'n houvas in taal. Vir ons is dit 'n verbintenis aan die Woord, aan Jesus Christus. Die middelpunt van die Christendom is die Woord wat vlees geword het. Daarin sit die versoening tussen God en mens, van gees en stof, van inhoud en vorm, van ideaal en werklikheid, van siel en liggaam, van gedagte en taal, van woord en gebaar.

Ongeag die terrein waarin jy jouself bevind, is dit nou die kerk, die werk of jou huis, Jesus Christus die Woord bepaal jou identiteit en daarom mag jy met al jou woorde van Hom getuig. ^{DK}



SKAKEL NA GTA INLIGTINGSESSIE EN OPEDAG

<https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSd-G0V34xdPHO3-ATfLni4wOYrBMfPpSLgwXi-D7O-NMLVE7-Q/viewform>

Persone kan ook aanlyn registreer

GTA INLIGTINGSESSIE

VRYDAG 16 MEI 2025
18:00
POTCHEFSTROOM

Rsvp by die skakel
aangeheg of e-pos
christovuur@gmail.com

REFORMED THEOLOGICAL ACADEMY
Send out your light and your truth



Voornemende teologiese studente is baie welkom, asook individue wat belangstel in enkele van ons kursusse

GTA OPEDAG

17 MEI 2025
TEOLOGIESE SKOOL
SENAATSAAL
POTCHEFSTROOM

09:00-14:00

Rsvp by die skakel
aangeheg of e-pos
christovuur@gmail.com

REFORMED THEOLOGICAL ACADEMY
Send out your light and your truth





Barend du Plessis

Oudminister van Finansies

Hoe het dit gebeur dat die Potchefstroomse Onderwyskollege se SR-voorsitter van 1961 vir agt jaar die moeilikste Ministersportefeulje (Finansies) met onderskeiding hanteer het en in 1989 net vyf stemme in die NP-koukus gekort het om president van Suid-Afrika te word?

Miskien lê die antwoord in die twee dinge wat hy sy kinders altyd geleer het: *Doen jou huiswerk en: As jou saak reg is, dan vat jy nie "nee" vir 'n antwoord nie.*

Doen jou huiswerk

Vir Barend du Plessis was dit 'n lewensmotto: Maak nie saak watter taak op jou wag nie, wees ten volle voorbereid. Jy stap 'n ernstige debat binne. In die opposisiebanke sit meesters op hulle vakgebied, en hulle skiet uit die bloute en uit die heup. Dan moet jy meester wees van jou portefeulje, jou vak en jou feite om met oortuiging die aanslae af te weer en jou saak te stel. Dit sou van hom 'n formidabele opponent in die parlement maak en 'n debatteerder by uitnemendheid. Vroeëre opposisielede getuig vandag nog daarvan.

Ook stel jy die saak van Suid-Afrika in 'n tyd waarin die krane van oor die hele wêreld vir ons toegedraai word. Dan moet jy ten volle op hoogte wees van die ekonomie, maar ook van die politiek en die pad van hervorming en die omkeer van 'n maatskaplike bestel wat juis daardie toegedraaide krane veroorsaak het.

Die veeleisende Finansiesportefeulje het by uitstek deeglike voorbereiding geverg, anders sou hy dit nie agt jaar suksesvol kon behartig nie. Sy buitensporige opgang in die politiek sou veel daarmee te doen hê: huiswerk, kundigheid, totale toewyding aan die taak op sy skouers.

Jou saak moet reg wees

'n Sin vir regverdigheid sou die groot dryfkrag in sy politieke loopbaan word. Die eerste spore daarvan was toe die Potchefstroomse Onderwyskollege met hom as voorsitter van die Studenteraad die eerste Afrikaanse tersiëre instelling in die land word wat 'n einde gemaak het aan die feitlik outomatiese lidmaatskap van sy studente aan die ASB (Afrikaanse Studentebond), omdat kleurlinge daarvan uitgesluit was. Hy het nie 'n sterk politieke bewussyn gehad nie, dit was vir hom gewoon 'n saak wat nie reg was nie.

En dit het deurgewerk tot sy evaluering van ons politieke bestel. Swartmense het nog hulle eie stamverbande en strukture gehad, maar bruinmense nie, en watter verskille is daar waaroor ons hulle destyds hulle stemreg kon ontnem en hulle uit die politieke sisteem kon skop?

En die nie "nee" vir 'n antwoord vat nie as jou saak reg is? Dit vra deursettingsvermoë, volharding, stroomop swem as dit nodig is. Die saak van regverdigheid sou 'n leidende motief in sy politieke denke word.

Godsdienst en gemeenskap

Barend Jacobus du Plessis het op 19 Januarie 1940 die lewenslig aanskou in 'n rooi baksteen-spoorweghuisie by Orlando-stasie, tans deel van Soweto, waar sy pa seinwagter was. Christelik-Nasionaal grootgemaak,



Barend en sy broers Attie en Jannie by pa Jan-Hendrik en ma Martha.

toegewyde lidmate van die NG Kerk. Tydens familiefeeste het sy pa altyd die gebed gedoen. Dit het 'n geweldige indruk op hom gemaak.

In sy matriekjaar, tydens 'n CSV-kamp by Winklespruit, het die wonder van sy verlossing in Jesus Christus, waarmee hy grootgeword het, vir hom 'n blywende werklikheid geword. Na matriek het hy onmiddellik aangesluit by die POCV: Potchefstroomse Onderwyskollege Christelike Vereniging. Met sy fiets het hy gereeld op 'n boer se plaas vir die werkers dienste gaan hou, en op die manier eintlik 'n klein gemeentetjie opgebou.

Op 'n manier beleef hy nou lank na sy aftrede iets daarvan. In die Retreat Aftree-Oord, oos van Pretoria waar hy en Dalene woon, reël hy gereeld die eredienste, en die gemeenskap kom saam. Ons eie prof. Amie van Wyk lei dikwels die dienste.

Vir hom is die plek van die plaaslike gemeenskap van groot belang. Toe hy die aktiewe politiek in 1992 verlaat, het hy geen politieke "leë nes-sindroom" beleef nie, maar hom uitgeleef in sy gemeenskap.

Liberalis?

Dit bring my by 'n direkte vraag, iets wat hom in die politiek dikwels toegedig was: "Is jy 'n liberalis?" Amper geskok antwoord hy met stygende stemtoon: Nooit nie! 'n Liberalis is iemand vir wie alles draai om die individu, en sy regte en vryheid om te doen wat hy wil. By Barend gaan dit om die gemeenskap, om waardes en beginsels, en doen wat jy moet. Met 'n groot liefde vir die eie: eie taal en kultuur en die beleving daarvan, en die opregte gun daarvan aan ander gemeenskappe.

Daarom bly dit vir hom 'n groot teleurstelling dat die skeuring van die partypolitiek van die tagtigerjare deurgesny het tot 'n skeuring regdeur die kerk, regdeur ons kultuurorganisasies, ons landbou-organisasies. Dit het selfs deurgesuur by die aanstelling van onderwysers vir ons kinders.

"Ons mag nooit weer toelaat dat dit gebeur nie!" Hy kan begryp dat die politiek vanweë die vryheidstryd teen Britse imperialisme so diep in ons wese ingesny het, maar die politiek bly 'n saak van die regte ding te doen in 'n bepaalde tyd en omstandighede, terwyl taal, kultuur, gesin, gemeenskap en Godsdiens blywende waarde het. Dit is alles behalwe die taal van 'n liberalis!

'n Ongevraagde politieke loopbaan

Nadat hy sy BSc aan die Puk voltooi met Wiskunde en Statistiek as hoofvakke en sy Hoër Onderwysdiploma aan die Potchefstroomse Onderwyskollege, word hy onderwyser by die Hoër Seunskool Helpmekaar in Johannesburg. Hy aanvaar 'n pos by die SAUK in die kantoor van die hoof-



Barend en Antoinette met Charl, Vanessa en Jean.

ingenieur, en met die ervaring wat hy opgedoen het met die ontwerp en installasie van die SAUK se rekenaarstelsel vir salarisse, word hy in 1968 stelselingenieur in die bank- en finansiewese tak van IBM.

In 1972 word hy op die aandrang van die gemeenskap stadsraadslid en in 1974 burgemeester van Roodepoort. Hy word in dieselfde jaar as volksraadslid vir Florida verkies. Hy word in 1982 adjunkminister van Buitelandse Sake en Inligting, in November 1983 minister van Onderwys en Opleiding, en op 17 September 1984 word hy die jongste minister van Finansies in ons geskiedenis.

Barend du Plessis het in sy hele lewe nie een keer vir 'n politieke pos aansoek gedoen, of hom daarvoor beywer nie. Ook nie vir die presidentskap nie. Hy het 'n paar dae voor die tyd gehoor: "Jy is in die wedloop." "Watter wedloop?" het hy geantwoord. Geen werwing, geen oorreding, net gewoon die benoeming aanvaar.



Saam met Steven Mulholland en dr. Henry Kissinger van die VSA.



Hy het gewoon sy roeping, waar hy hom ook al bevind het, met toewyding vervul, (die huiswerkdoen wat hy sy kinders geleer het), en dan met deursetting gestry vir wat reg is. Nie “nee” vir ’n antwoord of die makliker pad van kompromie nie. As jou saak reg is, gaan voluit daarvoor.

Politieke krisissjare

Hy was deel van wat miskien beskryf kan word as ’n nuwer geslag Afrikaner-parlementslede in ’n tyd van politieke herbesinning. Hier het Barend se “sê nee vir wat verkeerd is” ernstig ingeskop. “Ons moes ’n nuwe, aanvaarbare en uitvoerbare wyse van eie voortbestaan en medebestaan met die res van SA en met die wêreld bewerkstellig. Dit sou alleenlik kon gebeur op die grondslag van regverdigheid en met inagneming van die harde ekonomiese en maatskaplike werklikhede wat ons in die gesig gestaar het.”

As minister van Finansies het hy direk te doen gehad met die ekonomiese werklikhede. “Jy moet ’n begroting opstel soms met slegs enkele weke se buitelandse valuta. Ons kon ons dollars opveil, maar dit sou ons op die ashoop gelaat het en ons geloofwaardigheid onherroeplik geskaad het”.

Deeglik bewus van die kritieke noodsaak vir ons land om die regte ding te sê, het hy menigmaal, as die parlement se klokkies begin lui, die deur van ’n besondere vertrekke in sy ministerskantoor toegetrek en die Here om leiding gevra vir hierdie taak waarvoor hy nie gevra het nie. Hy was nooit hierin teleurgestel nie.

Gespreksvoering met alle betrokkenes word ’n voorwaarde vir enige toekomstige politieke en maatskaplike bedeling en moes onverwyld aan die gang gesit word. Die jammerte van die onderhandelinge? “Hulle was samehorig en op hulle sterkste. Ons was verdeeld en op ons swakste.” Sou dit nie dalk tog moontlik gewees het om met tydige interne ope gesprekke, die verdeeldheid binne die NP rondom die implikasies van harde werklikhede, in sy geheel of selfs net gedeeltelik te besweer nie? Dit het nie gebeur nie, en die klowe is net al dieper gesny.

’n Vervulde lewe ... hoop vir Suid-Afrika

Barend du Plessis kyk met dankbaarheid en vervuldheid terug op sy lewenspad. Op 85 jaar is hy terdeë bewus van die “fragiliteit”, die tydelikheid van die lewe. Hy is die Here innig dankbaar dat Hy besig is om die besondere behandeling van die kanker wat hy het, te seën.

Ook hier geld vir hom ’n slagspreuk wat hom in sy politieke loopbaan geïnspireer het om te volhard: “Daar is baie sekuriteit in slegte nuus.” Na die diagnose was die onsekerheid weg en kon werk-maak daarvan met die regte behandeling en optrede begin, het hy geweet wat hom te doen staan.

En dan slaan die ou politieke bewussyn deur: “As die ANC dit net besef het na die slegte nuus van die 2024-verkieping en met die werklikheid daarvan werk, sal die RNE nie in die huidige onseker waters moes vaar nie!”

Hy het hoop vir Suid-Afrika. Daar is so baie wellewendheid onder verreweg die meeste landsburgers. Ons moet dit uitbou en nie vaskyk teen die lawaai van die radikales nie. En dan moet ons ons werk doen en sonder kompromie “nee” sê vir wat verkeerd is. ^{DK}

Barend en Dalene geniet ’n vervulde lewe.



“Ek was ’n punk ... en ’n apostel ...”

Die wonderbaarlike getuienis van ’n gereformeerde teologiestudent



Onderhoud met Florian Fischer – ’n teologiestudent aan die RTS Heidelberg

Florian Fischer, ’n 38-jarige teologiestudent aan die RTS Heidelberg, het verlede jaar in ’n onderhoud met ’n gereformeerde kerk in Nederland vertel hoe hy met ’n diepe dankbaarheid vir die genade van die Here in sy lewe mag teologie studeer.

As iemand wat grootgeword het in ’n nie-Christelike gesin het hy inderdaad ver draaie geloop. Onder andere was hy as jongmens byna tien jaar lank deel van ’n groep “punks”. Later het hy selfs – ná blootstelling aan ’n charismatiese gemeente – ’n ervaring in Ghana, Afrika meegemaak waar die indruk by hom gewek is om as ’n “apostel gesalf” te wees.

Dit was alles voordat die Here hom na die finale waarheid gelei het.

Calvyn as leermeester

Florian, getroud met Setare (oorspronklik uit Iran) en met twee klein kindertjies,

was lank geïnteresseerd in die uitleg van Skriftekste. Met die lees van Calvyn se *Institusie* enkele jare gelede het die logiese verband en uitleg van verskillende Skriftekste hom oortuig. Só is hy deur die Here – ook met verdere leeswerk – op die weg na die vroeë kerklike (ekumeniese) en gereformeerde belydenis gelei. Saam met hom het ook sy vrou met hulle gesin gevolg. Benewens sy belangstelling in eksegese het boonop die kerkgeskiedenis hom al hoe meer begin boei.

Omdat Florian voltyds werk om vir sy gesin te sorg, het die moontlikheid van deeltydse studie aan die RTS die pad oopgemaak om sy ideaal te kan vervul. Hy is immers al jare lank daarvan oortuig om deur die Here geroep te wees vir diens – ’n oortuiging wat verder groei by hom. Florian noem dat die begrip van die dosente aan die RTS vir iemand wat voltyds werk en daarom net deeltydse kan studeer, baie beteken.

Grieks by ’n Japanner

Intussen het Florian ook al goeie vordering gemaak met sy Griekse onderrig wat hy van die RTS se taaldosent, Yoshio Ozawa (oorspronklik van Japan) ontvang. Ook hier getuig hy met lof oor die geleentheid wat hy – terwyl hy ver van enige universiteit af op die platteland (in die Westerwald, tussen Keulen en Frankfurt am Main) woon – met afstandsonderrig kan waarneem.

Ná die aflê van die Griekse eksamen sal hy nog Hebreeus en Latyn ook moet studeer. Hy sien dit egter as ’n gulde geleentheid om dieper in Gods Woord te kan delf.

Daaglikse sorg

Florian se daaglikse lewe is heel intensief. Naas sy voltydse werk (in die logistieke afdeling van ’n globale kleinhandelskettinggroep) en met die twee klein kindertjies (3 en 7 jaar oud) in die huis, moet hy saans, meestal laat, studeer. Tog hou hy dit vol, want hy sê dit is ook geestelik verrykend vir hom.

Roeping

Op die vraag hoe hy sy roeping verstaan, is Florian dadelik gereed met ’n antwoord. Sy grootste wens is om die waarheid van die Here se Woord uit te dra. Ook indien dit sou inhou dat hy moontlik na die buiteland sou moet vertrek, sou hy nie omgee nie – daar waar die Here hom sou roep ... ^{DK}

In die wêreld, maar nie van die wêreld nie

Hoe leef ons dit prakties uit?



Prof. Hennie Goede verwerf sy PhD in 2010 met as doktorsale proefskrif: *Die oproepe tot slawe-eienaars in die Nuwe Testament: 'n Filologiese studie*. Daarin kom hy tot die gevolgtrekking dat die skrywers van die Nuwe Testament die juridiese en sosiale werklikheid van slawerny in die eerste eeu na Christus aanvaar het. Hulle geskrifte bevat egter unieke kenmerke wat 'n direkte uitwerking op die regte en verpligtinge van slawe-eienaars gehad het, naamlik hulle volgehoue plasing van die slawe-eienaar-slaaf verhouding in die konteks van die gelowige slawe-eienaar en/of slaaf se verhouding met Jesus Christus. Binne hierdie raamwerk dui die studie op uiteenlopende standpunte op die kontinuum tussen sosiale afskeiding en akkulturasie binne die Nuwe Testament.

Vanuit sy studie fokus hy in hierdie artikel op die vraag hoe ons die leuse “in die wêreld, maar nie van die wêreld nie” prakties uitleef.

Ons is goed bekend met die stelling: “In die wêreld, maar nie van die wêreld nie”. Dit is 'n leuse of kreet vir kind van God wees, hoewel die woorde nie so in die Bybel voorkom nie. In Johannes 15:19 sê Jesus: “As julle aan die wêreld behoort het, sou die wêreld julle as sy eiendom liefgehad het. Omdat julle egter nie aan die wêreld behoort nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, daarom haat die wêreld julle.”

In Johannes 13:1 word gesê dat Jesus sy eie mense wat in die wêreld is, tot die uiterste liefgehad het. En tog gebeur dit dat gelowiges die wêreld liefkry (soos Demas volgens 2 Tim. 4:10) en aan die wêreld gelyk word (Rom. 12:2).

Perspektief van 1 Petrus

Dit bly 'n uitdaging om met wysheid hierdie woorde van Jesus prakties uit te leef. Die gelowiges van die Nuwe Testament het ook hiermee 'n stryd gehad. Die apostel Petrus se eerste brief bied vir ons 'n gevallestudie uit die kerk van die eerste eeu. Die brief spreek verskeie aspekte van die gelowige lewe aan maar kommentators verskil oor hoe Petrus die gelowiges se status as in die wêreld, maar nie van die wêreld nie, beskryf.

Sommiges meen dat die klem op die “nie van die

wêreld nie” val, en dat die gelowiges hulle identiteit as huisgesin van God moet beskerm deur hulle van die wêreld af te sonder. Die gedeeltes oor die huisgesin (1 Pet. 2:18-3:7) poog om die Romeinse gebruike en wette in die lig van God se huisgesin te stel.

Ander kommentators meen weer dat die klem eerder op “in die wêreld” val, en dat die brief juis die Romeinse gebruike omhels sonder byvoorbeeld die bepalinge van die wet van Moses wat slawe teen uitbuiting moet beskerm. Hierdie benadering kan weer lei tot die verwêreldliking van die kerk.

Afsondering én akkulturasie

Hierdie twee uiterstes lyk beide na 'n ooreenstemming van 1 Petrus en van die werklikheid van gelowig in die wêreld lewe. Die brief bevat eerder elemente van afsondering en die handhawing van 'n unieke Christelike identiteit, en van akkulturasie (volgens die WAT, “[w]edersydse beïnvloeding van verskillende kulture, waar draers van die een in langdurige aanraking met dié van die ander kom”) om tog in die Grieks-Romeinse samelewing in te pas, veral wat gesagstrukture in die huishouding betref.

Hierdie spanning gee uitdrukking aan die feit dat ons as gelowiges in die wêreld is, maar nie van die

wêreld nie, soos Petrus aandui met die beskrywing van die gelowiges as vreemdelinge en bywoners (1 Pet. 1:1, 17; 2:11).

Ons soeke as gelowiges na balans in ons status as in die wêreld, maar nie van die wêreld nie, hang af van die sosiale konteks van gelowiges op 'n gegewe tyd en plek. Hierin moet ons die slaggtat van oordrewe fokus op afsondering ter wille van selfidentiteit vermy, aangesien dit ons roeping om lig in die wêreld te wees, in gedrang bring. Maar terselfdertyd moet ons ook eensydige akkulturasie ter wille van relevansie in die wêreld vermy, wat weer die unieke identiteit van die huisgesin van God in gevaar stel.

Gelowige werkgewers en werknemers

Met Werkersdag 2025 in gedagte, kom ons oorweeg wat hierdie spanning vir ons as gelowiges inhou, en hoe ons dit gebalanseerd kan aanpak. Die tekste in die Nuwe Testament wat aan slawe-eienaars gerig is (of geïmpliseer word), is geskryf in die konteks van die absolute gesag van die slawe-eienaar oor sy of haar slawe en die slawe se byna algehele magte-loosheid in hierdie onewe magsverhouding.

Dit verbaas dan ook nie dat die tekste 'n spektrum van uitgangspunte vertoon: van 'n tradisionele (Grieks-Romeinse) beskouing van die verhouding tussen slawe-eienaars en slawe tot 'n meer progressiewe benadering wat 'n verandering in gesindheid en optrede van slawe-eienaars vereis (nader aan die Ou-Testamentiese wette wat slawe beskerm).

Hierdie spektrum verteenwoordig die kerk se posisionering in terme van afsondering en akkulturasie in spesifieke kontekste. Net so moet ons ook in ons tyd met wysheid en onderskeidingsvermoë oor ons werk in die wêreld, maar nie van die wêreld nie, dink. Aan die een kant wil ons as werknemers die beskerming van die reg in die onewe verhouding met werkgewers geniet, en kan ons ook: billike ure en vergoeding, verlof, en baie ander.

Maar ons moet ook die pligte van gelowige werknemers aanvaar: eerlikheid en integriteit terwyl ons aan ons werkgewers gee wat hulle toekom. En vir gelowige werkgewers geld dieselfde: billikheid en regverdigheid teenoor hulle wat vir ons werk, maar ook lojaliteit van ons werknemers.

Jesus Christus ons Eienaar

Ongeag of jy in jou werksituasie met gelowige of ongelowige werkgewers of werknemers saamwerk, bly die volgende staan in terme van jou gelowige wees: Onderwerp jou allereers aan Jesus Christus



as jou Eienaar en Hoof; waar jy met medegelowiges saamwerk, laat die gemeenskap van gelowiges ook daar werklikheid word; leef jou roeping ook in jou werkplek uit deur die gesindheid van Christus te openbaar, selfs te midde van swaarkry en vervolging; en laat jou optrede in die werkplek so wees dat ander jou voorbeeldige lewe kan sien en God daarvoor loof (1 Pet. 2:12).

So behou jy jou identiteit as gelowige kind van God, maar leef jy ook jou roeping in die werkplek ten volle uit! ^{DK}

PLAASKAMP
2025

GR.2 - GR.9
ALMAL WELKOM!

27 JUNIE - 2 JULIE

WAT IS GELOOF?

Aangebied deur Dr. ID Nagel en Dr. André de Jager, te
GEREFORMEERDE KERK UITSCHOT

Vir meer inligting, kontak Dr. ID Nagel:
072 926 6891 | idvnagel2919@gmail.com



Van billike handel na magsvertoon:

Trump se tariefoorlog eties beoordeel

Wat is invoertariewe?

Tariewe bestaan al eeue lank in een of ander vorm. In eenvoudige taal is tariewe 'n belasting wat lande op invoere hef om hulle binnelandse bedrywe te beskerm, politieke bekommernisse te hanteer, of om nasionale doelwitte en belange te bevorder.

Tariewe word gebruik om invoere te beperk en maak ingevoerde goedere duurder. Dit is een van verskeie handelsbeleide wat 'n land as 'n instrument vir sy ekonomiese ontwikkeling kan gebruik. Die voor- en nadele van tariewe in 'n ekonomie was nog altyd 'n omstrede kwessie sedert dit vir die eerste keer toegepas is, maar die beperkings daarvan is nog altyd erken.

Wêreldwye handel tussen nasies is uiteindelik tot almal se voordeel. Dit laat die algemene lewenstandaard styg en help miljoene mense om uit armoede te ontsnap. Buitensporige tariefbeskerming kan tot handelsoorloë lei, verbruikers groot skade berokken, en innovasie as gevolg van swak mededinging ernstig aan bande lê.

Om deur middel van wêreldwye handel besigheid met ander lande te doen, lewer gewoonlik wen-wen-uitkomst op, mits daar reëls is om billike handelspraktyke en wederkerige ekonomiese gedrag te versker.

Die Wêreldhandelsorganisasie

So is die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) in 1955 gestig om as skeidsregter by internasionale handel op te tree en die "reëls van die spel" af te dwing. As globale forum lê dit die basiese reëls oor wêreldhandel neer en kan dit geskille in handelsake binne 'n multilaterale handelstelsel besleg.

Ongelukkig is die WHO se rol die afgelope paar jaar aansienlik verswak, aangesien die twee grootste

spelers in die wêreld – die VSA en China – dit toenemend op verskillende maniere ondermyn het. Dit het tot die huidige krisis in wêreldhandel gelei, met konflikte wat al hoe meer bilateraal of selfs unilateraal hanteer word. Verskeie rolspelers moet dus die blaam deel vir dit wat daarna gebeur het.

Trump se doelwit met tariewe

Pres. Donald Trump redeneer al jare lank dat die VSA tariewe moet gebruik om sy ekonomie 'n sterk hupstoot te gee. Hy beweer: "Tariewe ('tariffs') is die wonderlikste woord in die Engelse woordeboek." Tariewe is vir hom 'n vername instrument om sy "Make America Great Again (MAGA)"-agenda te implementeer en hy fokus veral op die handelskonflik met China.


Hy wend die VSA se tariefbeleid as 'n wapen aan, ongeag wat die gevolge vir ander ekonomieë – hetsy groot of klein – kan wees. Die isolasionistiese rigting van die VSA se handelsbeleid is nou baie duidelik, en is die "nuwe normaal".

Gevolge

Die skaal van die wye eensydige tariefverhogings van die VSA wat Trump onlangs voor die voet aangekondig het, het 'n yslike wig in die wêreldhandelstelsel ingedryf. Dit berokken veral vir klein, oop ekonomieë soos Suid-Afrika skade.

Die oorkoepelende uitkoms is geweldig ontwrigtend vir wêreldwye waardekettings, het vergelding tot gevolg, jaag koste op, plaas 'n demper op die wêreld se ekonomiese groei, en ontketen geweldige onbestendigheid in finansiële markte .

Al die ekonomiese bewyse tot dusver dui daarop dat daar meer verloorders as wenners gaan wees, en sommige ekonomieë kan tot op die randjie van 'n resessie gedwing word, met werksverliese en selfs



maatskaplike ontwrigting wat kan volg. Die wêreld se reaksie is dus om verstaanbare redes baie negatief. Die hoë VSA-tariewe het 'n toenemende koste tot gevolg en die onvoorspelbaarheid daarvan vererger die pyn.

Die onsekere omgewing wat deur Trump se voortdurende verandering van die "reëls van die spel" geskep word, word weerspieël in besluite oor tariewe wat vinnig omgekeer of heringestel word.

Onsekerheid oor tariewe kan net so ekonomies skadelik wees as die tariewe self. Duidelike, voorspelbare toestande en beleide is noodsaaklik vir handel en voorsieningskettings om suksesvol te funksioneer.

90 dae opskorting

Trump se onverwagte 90 dae opskorting van wederkerige VSA-tariewe sodat onderhandelinge kan plaasvind, is nie-temin 'n teken en 'n moontlikheid vir talle lande – insluitende Suid-Afrika – om laer tariewe met die VSA te beding.

Hierdie besluit is moontlik gedryf deur die toenemende teenreaksie van markte, asook binne die VSA, oor die ekonomiese impak van hoër tariewe. Hierdie verposing is egter baie broos omdat ander belastings steeds in plek is. Die opskortingstydperk beteken dat daar 90 dae se onsekerheid vir besighede orals bestaan.

Die huidige blaaskans is vir talle lande, insluitende Suid-Afrika, waardevol om 'n gewysigde tariefooreenkoms met die VSA te onderhandel. Dit sal egter

wys wees om nie té hoë verwagtings oor die uitkoms daarvan te hê nie. Daar is steeds 'n hoë mate van onvoorspelbaarheid in die situasie oor VSA-tariewe, en die lukrake manier waarop die Withuis steeds besluite neem.

Daar is ook die risiko dat bilaterale interaksies 'n "verdeel-en-heersklimaat" onder lande kan bevorder, en so die wêrelddekkende verder kan fragmenteer.

Suid-Afrika

Suid-Afrika het tot dusver 'n omsigtige en pragmatiese benadering tot die VSA se tariefkwessies gevolg. Die ekonomiese betrekkinge met die VSA bly belangrik. Die land word dus tans tot stilstand gedwing terwyl daar oor 'n beter tariefooreenkoms vir handelsvloei met die VSA onderhandel word.

Suid-Afrika sal 'n holistiese beskouing van sy handelstrategie moet inneem. Suid-Afrika se onderhandelingsstandpunt moet ook gegrond wees op die waarskynlikheid dat die *African Growth and Opportunity Act* (AGOA), waarkragtens veral ons motorvoertuig- en landbousektor belastingvrye toegang tot die VSA-mark geniet, nie hernu gaan word nie.

Beoordeling: Trump se amorele kompas

Waarom het Trump die bestaande wêreldorde op sy kop gekeer? Die VSA-hegemonie is sedert die Tweede Wêreldoorlog deur ekonomiese en militêre mag in stand gehou, maar ook deur 'n morele visie wat deur talle ander lande gedeel word en wat tot vertroue en vriendskap bygedra het. Dit was die basis waarop naoorlogse samewerking deur verskillende multilaterale instellings soos die Internasionale Monetêre Fonds, die Wêreldbank en die WHO gebou is.

Multilaterale organisasies verskaf 'n ruimte vir lande om oor 'n wye reeks kwessies van gesamentlike belang by besprekings, onderhandelinge en besluitneming betrokke te raak. Trump se amorele benadering tot die wêreld verduidelik waarom dit 'n stelsel is wat hy verwerp het.

Trump se standpunt word deur sy amoraliteit gedefinieer – hy verag die idee dat morele of etiese norme sy optrede behoort te rig of dat dit die nasie waarvan hy die hoof is, moet definieer. Geeneen van die presidente van die VSA was totaal moreel nie, maar min was so amoreel as Trump.

Trump het dit duidelik gemaak dat hy enige onderskeid tussen reg en verkeerd verwerp, en in plaas daarvan 'n etos van eksplisiete eiebelang kies op 'n skaal wat nog nooit by 'n inwoner van die Withuis waargeneem is nie. Sy beleide en optrede is alles transaksioneel van aard, met geen onderskeid tussen bondgenote of vyande nie.

Om vir pres. Trump te verstaan, beteken dat 'n mens die mate moet erken waartoe hy amoreel optree sodat die VSA se magsbelang nagejaag kan word. ^{DK}

As die mens hom teen God verhef

2. In selfverheffende tegnologie

In die oorhoofse reeks "As die mens hom teen God verhef in wetenskapsbeoefening" het ons in die eerste artikel enkele Ou-Testamentiese perspektiewe gegee op die vraagstuk oor geloof en wetenskap.

In hierdie artikel gee ons verdere perspektiewe uit Genesis 11, die geskiedenis van die toring van Babel, en ons fokus op selfverheffende tegnologie.

Die verwaande onafhanklikheidsverklaring

In Genesis 11 kom die mensdom weer voor die selfde keuse as Adam en Eva te staan: Binne God se regering, of daar buite? Met God se genade of daarsonder?

Die natuurlike mens wil sy eie baas wees en niks met God en sy genade te doen hê nie. Ongelowige wetenskaplikes val ook in hierdie groep.

In Genesis 11 lees ons 'n verwaande en eensydige onafhanklikheidsverklaring van die mensdom en die gevolgedaarvan. Ongelowigewetenskapsbeoefening is immers niks anders as dit nie: 'n Verwaande en eensydige onafhanklikheidsverklaring van stiksienige mense wat in wetenskapsbeoefening hulleself teen God verhef.

In Genesis 9 en 10 lees ons van die nuwe begin wat God met Noag en sy gesin gemaak het ná die sondvloed.

Genesis 10 eindig met: *"Dit is die stamme van die seuns van Noag volgens hulle herkoms onder hulle eie nasies. Uit hulle het die nasies oor die aarde versprei na die oorstroming."* Genesis 11 vertel dan vir ons hoe dit gekom het dat die nasies oor die aarde versprei het ná die sondvloed.

Dit was God se opdrag in Genesis 9 dat Noag en sy nageslag die aarde moet bewoon, letterlik moet vul. Met ander woorde dat hulle oor die aarde moet versprei.

Maar wat doen hulle nou? Hulle trek almal oos en toe hulle by 'n vlakte in Sinar kom, het hulle almal daar gaan woon. Teen God se opdrag in om die aarde te vul, koek hulle almal saam op die vlakte van Sinar. Ja, die opstand teen God het al begin toe hulle besluit het om nie die aarde te vul nie.

Die mensdom beur oos

Dit is belangrik om te sien dat ook Noag se nageslag oos getrek het. In die Ou Testament was die ooste simbolies die gebied waar jy buite God se genade geval het.

- As God vir Adam en Eva uit die paradys verdryf, gaan hulle aan die oostekant uit. Ons lei dit af uit die feit dat God gerubs aan die oostekant van die tuin gesit het om te keer dat die opstandige egpaar weer terugkeer na die tuin.
- God het vir Abraham in Ur gaan haal en hom laat wes trek, onder die kragveld van sy genade in.
- As Lot vir Abraham verlaat, trek hy ook oos, onder die kragveld van God se genade uit en hy gaan vestig hom by Sodom en Gomorra waar hy lekker kan lewe. En ons weet hoe dit vir hom uitgewerk het.
- Hier in Genesis 11 trek die mensdom ook in selfverheffing oos, weg van God af, na die vlakte in Sinar.

Ons sien baie duidelik wat die mensdom se plan is

in Genesis 11:4: *“Toe sê hulle: ‘Kom ons bou vir ons ’n stad met ’n toring waarvan die punt tot in die hemel reik en ons maak so vir ons ’n naam. Dan sal ons nie oor die hele aarde versprei nie.’”*

Met ander woorde: Die mensdom wou weer wegkom onder God se heerskappy uit. Hulle kies om in ’n stad sonder God te gaan woon! En toe besluit hulle in hulle verwaandheid: *“Kom ons bou vir ons ’n stad met ’n toring waarvan die punt tot in die hemel reik en ons maak so vir ons ’n naam. Dan sal ons nie oor die hele aarde versprei nie.”*

Nuwe tegnologie

Interessant is dat die mense in Genesis 11:3 sê: *“Kom ons maak stene en ons brand hulle hard.’ Hulle het toe stene in plaas van klip gebruik en asfalt in plaas van klei.”*

As gevolg van hierdie wetenskaplike ontdekking van hoe om beter en sterker stene te maak, het die mens dus tegnologieë vooruitgegaan. Hulle het tegnieë al hoe vaardiger geraak. Maar dit kan deel wees van die mensdom se selfverheffing teen God en hulle ondergang. Vandag nog.

Wetenskaplike ontdekkings wat tegnieë vooruitgang en ontwikkeling teweegbring, is goed en reg as dit tot eer van God gebruik word, maar as dit jou in opstand teen God bring, is dit boos. Soos hier in Genesis 11. Die mens kom agter dat hy nogal slim is. In plaas daarvan dat hy God daarvoor dank en dit aanwend om God te verheerlik, gebruik hy dit om sy opstand te bewerk: *“Kom ons bou vir ons ’n stad met ’n toring waarvan die punt tot in die hemel reik en ons maak so vir ons ’n naam. Dan sal ons nie oor die hele aarde versprei nie.”*

Die nuwe tegnologie lei tot opstand teen God

Die opstand word op drie maniere duidelik:

- *“Kom ons bou vir ons ’n stad met ’n toring waarvan die punt tot in die hemel reik.”* Hulle wil selfs die hemel bestorm met hulle toring. Hulle wil goddelik word met dit wat hulle tot stand bring. Hulle wil op hulle eie stoom in die hemel kom, sonder God se genade.
- *“En ons maak so vir ons ’n naam.”* Hulle wil nie God se Naam groot maak nie, maar hulle



eie. Hulle wil hulleself bemagtig, sê mense deesdae. In hulle verwaandheid wil hulle onafhanklik van God en vernaam wees.

- *“Dan sal ons nie oor die hele aarde versprei nie.”* Hulle wil willens en wetens ongehoorsaam wees aan God. Ons plan is beter as God se plan!

Slotgedagte

Vandag nog wil die natuurlike mens sonder God wees en naam maak en teen God se wil ingaan. Veral nuwe tegnologie word ook daarvoor ingespan.

Christelike wetenskaplikes wil egter tegnologie ontwikkel wat God erken as die een wat die tegnologie moontlik maak en hulle wil dan die tegnologie aanwend om die Skepper se Naam te verheerlik en sy Woord uit te dra.

In ’n volgende artikel gee ons aandag aan hoe God ingryp as die mens se wetenskapsbeoefening tot opstand teen Hom lei. ^{DK}

Outeur van die boek Jesaja



Mag ek via *Die Kerkblad* my besorgdheid lug oor iets wat ek in die 2020 Direkte Afrikaanse vertaling lees, aangesien dit sekerlik alle lesers raak? Ek lees in die Inleiding tot die boek Jesaja: “Geleerdes is dit eens dat slegs Jesaja 1 – 35 profesieë van Jesaja bevat ...” Ek vind dit ’n eienaardige, om nie te sê gevaarlike, bewering om in die Bybelvertaling in te sluit. Watter “geleerdes” is dit eens?

Ek is nie ’n teoloog nie, maar ek kan genoeg kommentare lees om te weet dat daar in die eerste plek baie “geleerdes” is wat nie met die stelling saamstem nie. Ek noem maar die name van Motyer, Kidner en Ortlund, en hulle verwys in hulle kommentare na baie ander. Verder verskil diegene wat beweer dat die boek deur meer as een outeur geskryf is onderling oor hoeveel (tot ongeveer ’n dosyn!) outeurs daar sou wees en waar die verdelings lê. Sommiges beweer dat dieselfde redes wat gebruik word om meer as een outeur vir die hele boek te bepleit, ook daartoe lei dat daar etlike outeurs moet wees vir hoofstukke 56 – 66. Vir dieselfde redes kan ongeveer ’n derde van die eerste 39 hoofstukke volgens sommige nie van Jesaja afkomstig wees nie, byvoorbeeld 13:1 – 14:23 en 21:1-10. Ek dink saamstem is die een ding wat geleerdes nie doen nie.

Ek is nie heeltemal naïef nie, maar die boek bied homself aan as geskryf deur Jesaja. Die Nuwe Testament haal Jesaja meer aan as al die ander profete saam, en laat geen twyfel dat die Nuwe-Testamentiese skrywers, en die

Here Jesus, die profeet as die skrywer van die hele boek beskou het. Terwyl die Nuwe-Testamentiese aanhalings in sommige gevalle bloot ’n algemene verwysing mag wees na die boekrol waar die aanhaling gevind kan word, word daar in sekere tekste spesifiek na die profeet self verwys. Lees maar Lukas 3:4-6 (Jes. 40:3-5), Romeine 10:16 (Jes. 53:1) en Romeine 10:20, 21 (Jes. 65:1, 2). Let op dat hierdie tekste uit die laaste hoofstukke van Jesaja aanhaal. Lukas 4:17 sê die boekrol (enkelvoud) van die profeet Jesaja is vir Christus gegee om uit te lees. Die Here Jesus lees dan uit Jesaja 58 en 61.

Daar is geen manuskripgetuie vir ’n verdeling van die boek nie en in die oudste beskikbare manuskrip volg die eerste twee reëls van hoofstuk 40, wat sommige geleerdes tipies aan ’n tweede of derde skrywer toedig, sonder enige verdeling onder aan die kolom waar hoofstuk 39 eindig.

’n Baie belangrike tema in die Godsopenbaring van die boek is die feit dat God Homself van die afgode onderskei deur sy soewereine beheer van die toekoms. In hoofstuk 41 (veral verse 25-29) daag Hy die afgode uit om te bewys dat hulle bestaan deur onder andere die toekoms te voorspel. En hoofstukke 44:28 – 45:6 sê juis dat Hy Homself as die soewereine God sal bewys deur die koms van Kores vooraf aan te kondig en dit in die loop van die geskiedenis in vervulling te laat gaan. As hierdie gedeeltes geskryf is nadat die gebeure reeds plaasgevind het, is die Heilige van Israel niks beter as die afgode van die nasies nie.

Die subtile ontkenning van God se soewereine beheer oor die geskiedenis is deel van die liberale aanslag op die Calvinistiese verstaan van hoe God Homself in die Bybel openbaar. Clark Pinnock het ’n boek geskryf, “A Biblical Challenge to the Traditional Understanding of God”. Hierin beweer hy onder andere: “God does not control everything that happens ... the future is not yet settled.” Geleerdes verwys hierna as “the openness of God.”

Vir hierdie geleerdes is dit natuurlik ondenkbaar dat Jesaja 150 jaar voor dit gerealiseer het, kon voorspel dat God vir Kores sou gebruik om sy doel met Israel te bereik. Miskien is dit hierdie geleerdes waarna die 2020-vertaling verwys? Ek is bewus van die argumente rondom verskillende skryfstyl in die eerste hoofstukke teenoor die latere hoofstukke, besware ten opsigte van profesie in die algemeen, verskille in taalgebruik en ook teologie. Daar is baie argumente aan albei kante van die debat, maar hierdie is sekerlik nie die plek om dit te bespreek nie. Daar is baie behoudende teoloë wat, met goeie gronde, verskil van die siening dat die helfte van die boek nie deur Jesaja geskryf is nie. Ek dink daarom dit is ongevraagd van die Bybelgenootskap om so ’n kategorieë stelling in die Bybelvertaling toe te laat. Persoonlik dink ek dat dit op sy beste die gesag van die Skrif bevraagteken.

Baie dankie dat ek *Die Kerkblad* kan gebruik om dié besorgdheid te lug.

DK

Besoek aan Australië deur Kerkgroei-deputate



Die GKSA beleef al vir etlike dekades 'n tendens van gemeentes wat krimp, gemeentes waar steeds minder jongmense is, gemeentes wat finansiële begin sukkel, gemeentes wat predikante beroepbaar stel of wat saamsmelt, en gemeentes wat uiteindelik hulle deure sluit.

Hierdie is 'n tendens wat nie net afspeel in die GKSA nie, maar ook in verskeie ander tradisionele kerkverbande in Suid-Afrika en regoor die wêreld. In ander wêrelddele soos Nood-Amerika, Europa en Australië het hierdie tendens net al heelwat vroeër sigbaar geword, ongeveer 50 jaar gelede, en is baie van die samelewings in hierdie lande “post-Christendom”-samelewings.

In reaksie hierop het verskeie kerkleiers in hierdie lande begin met kerkplantings- en kerkvitaliseringsinisiatiewe onder die krimpende tradisionele kerke, wat gelei het tot verskeie gesonde nuwe gemeentes wat geplant is, en ook bestaande gemeentes wat gesond geword het, en vandag groei in alle opsigte.

Een so 'n kerkplanting- en kerkvitaliseringsbeweging wat in New York, Noord-Amerika, ontstaan het onder leiding van dr. Tim Keller vanuit *Redeemer Presbyterian Church* (lid van die PCA), is “City to City”. Konsultante word deur hulle gebruik om gemeentes te begelei in kerkplanting en kerkvitalisering. “City to City” het vanuit New York uitgebrei reg oor die wêreld, ook tot in Australië.

Net die kerkvitaliseringsbeen van *City to City Australia* bestaan vandag uit sewe voltydse konsultante, en twee administratiewe persone. Oor die honderd tradisionele gemeentes uit verskeie denominasies is al deur hulle begelei tot vitaliteit en groei.

Op die oomblik konsulteer hulle 85 gemeentes in Australië en Nieu-Seeland. *City to City Australia* het in die laaste week van Februarie 2025 'n konferensie aangebied om nuwe konsultante op te lei.

Die Kerkgroei-deputate van die GKSA poog al reeds vir 'n aantal jare om gemeentes in die GKSA te begelei in kerkvitalisering met gemengde welslae.



Ds. Jan van der Walt, dr. Griffel van Wyk en ds. Marcel Floor tydens hulle besoek aan Australië.

Daarom het die Kerkgroei-deputate drie deputate afgevaardig om die opleidingskonferensie by te woon, om te gaan leer wat hulle doen, en om te bepaal wat moontlik in die konteks van die GKSA gebruik kan word.

In die tweede week van die deputate se besoek het die deputate in gesprek getree met nog 'n ander kerkplanting- en kerkvitaliserings inisiatief, genaamd “*Reach Australia*” wat 'n soortgelyke aanslag het as “City to City”, maar tog ook klemverskuiwings het.

Die deputate het ook in gesprek getree met verskeie predikante in Sydney, uit verskeie denominasies, wie se gemeentes deur “City to City” gekonsulteer is.

Ons gaan in die volgende uitgawes van *Die Kerkblad* dit wat ons geleer het en hoe die pad moontlik vorentoe kan lyk vir die GKSA, met ons kerke deel. ^{DK}

Teologiese opleiding en ons professore

Die Kerkblad het 'n brief van br. Nic Ligthelm van Hartbeespoort gekry wat ernstige vrae vra oor wat in die vorige uitgawe oor ons professore vermeld is. Omdat die vrae die posisie en optrede van ons geroepe professore direk raak, het ons die Rektor van die Teologiese Skool, prof. Henk Stoker, gevra om daarop te reageer en die situasie van ons professore vir ons te verduidelik.

Br. Nic Ligthelm van Hartbeespoort skryf:

Na aanleiding van die artikels oor die opleiding van ons predikante in *Die Kerkblad* van April, is daar by my 'n ontstellende bekommernis wat vassteek. Prof. Vorster maan: *“Die GKSA het egter kerkordelike, finansiële en juridiese verpligtinge teenoor die huidige professore en kan hulle nie summier buite hulle roeping ontslaan en hulle op die NWU aflaaï nie.”* Dit wil by my die indruk skep dat die Kuratore moontlik nie die belange van die professore op die hart dra nie. In die artikel van ds. Van Vuuren lees ek egter dat die professore gevra is om ná verstryking van die ooreenkoms met die NWU in 2026 by die TSP te bly werk en dus ook by die GTA diens te doen. *“Nie een was daartoe bereid nie.”* Professore het verder op 'n individuele basis dieselfde versoek van die Kuratore ontvang en *“het nie kans gesien om die kontrak met die NWU op te sê nie”*. Dit is hierdie hedendaagse NWU wat dr. De Kock in sy artikel soos volg tipeer: *“... as gevolg van die inmenging van die staat (het) daar weinig van die Christelike hart oorgebly. Die CHO het verdwyn!”* Verder skryf hy: *“Die staat het oorgeneem en bepaal hoe die teologiese opleiding aan die Fakulteit Teologie sou lyk en wat aangebied sou word en wie die dosente sou wees. Die staat neem toe eiehandig die kerk se taak oor. Die pad saam met die NWU het in 'n doodloopstraat beland.”* Uit voorgaande is dit duidelik dat:

(1) 'n Doodloopstraat 'n keeromstraat is. Die Algemene

Sinode van 2023 het hierdie rigting wat God voorsien het, raakgesien en die Kuratore het dit met goeie gevolg aangepak. Die GTA se sukses met die eerste tree op die tydelike, interim-ompad verdien lof.

(2) Die stryd is lank nie verby nie. Daar sal slaggate op die ompad wees wat oorkom moet word en dit sal opoffering en toewyding vra – ook van lidmate. In die woorde van John C Maxwell, bekende Amerikaanse pastor en outeur van bestuurspublikasies, is daar nie iets soos verloor nie, net: *“Soms wen jy, soms leer jy.”*

(3) Staatsinmenging by alle vlakke van onderwys is 'n bewese gegewe. Bybelse waardes word verbied deur sekulêre wetgewing. Derhalwe is samewerking met enige tersiêre instansie waar die staat inspraak het, 'n uiters riskante onderneming wat die GKSA nie kan bekostig nie.

(4) Ons bemerk in die sogenaamde “WOKE”-benadering dat alles, selfs beginsels gerelativeer word en universiteite regoor die wêreld teelaarde is vir hierdie benadering. (Lees gerus weer br. Erhard Kruger se artikel in die Apriluitgawe.) Mag die GKSA nie swig voor hierdie invloed nie en steeds 'n onbeweeglike pilaar in die verkrummelde, ultra-postmoderne ruïne bly. Bid dat predikante wat opgelei word, gevrywaar sal word van dwaalweë en net Christus en Hom as die gekruisigde, sal verkondig.

(Brief klein bietjie verkort – red.)

Prof. Henk Stoker (Rektor TSP) antwoord:

Tot dusver het ek as Rektor van die Teologiese Skool Potchefstroom (TSP – die liggaam verantwoordelik vir die opleiding van GKSA-predikante) my daarvan weerhou om in die media te reageer op die debat oor die GKSA se teologiese opleiding. Steeds met ongemak oor die openbare aard van die gespreksforum, reageer ek wel hiermee op die skrywe van br. Nic Ligthelm en die vrae wat hy het na aanleiding van ander skrywes in *Die Kerkblad*. Ek doen dit ook op versoek van die Redakteur van *Die Kerkblad*.

1869 tot en met Sinode 2023

In die 156 jaar van bestaan van die Teologiese Skool van die GKSA (genoem die TSP) het talle jongmanne kom aanmeld om deur die professore van die Skool as predikante vir die GKSA opgelei te word. Die PU vir CHO het mettertyd uit die Teologiese Skool ontstaan. Vir meer as 'n eeu en 'n half het die kerke teologiese professore beroep om die verantwoordelikheid te neem vir die opleiding van kandidaatstudente van die kerk. Die studente het saam met hulle kandidaatstudies deur die

TSP ook grade verwerf deur die PU vir CHO en later die NWU.

Die samewerking met die NWU kom in sy huidige vorm einde 2026 tot 'n einde. Ter wille daarvan dat GKSA-studente steeds grade kan ontvang, moes 'n alternatiewe geakkrediteerde liggaam gevind word. Daarom dat Sinode 2023 besluit het om 'n Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA) op te rig wat by die nodige onderwysliggame in Suid-Afrika geregistreer moes word.



Voor (sittend) v.l.n.r: Proff. Albert Coetsee, Henk Stoker, Francois Viljoen.
 Agter: Proff. Sarel van der Walt, Ferdi Kruger, Francois Muller, Risimati Hobyane, Chris van der Walt, Naas Ferreira, Lekgetho Moretsi. Inlas regs bo: prof. Hennie Goede.

Die liggaam sou dan met die NWU kon onderhandel oor die deel van ons beroepe professore.

In die termyn voor die Januarie 2023 Algemene Sinode van die GKSA het onderhandelinge tussen die NWU en die Kuratore plaasgevind gerig op 'n moontlike model hoe daar steeds ná 2026 samewerking tussen die NWU en die GKSA kon wees. Die konsepooreenkoms het juis ook die deel van professore vir sowel kerklike as universiteitsopleiding bevat.

Die aand voor Sinode 2023 begin het, het die GKSA 'n brief van die NWU ontvang wat onder andere veroorsaak dat die professore wat aan sowel die NWU as die TSP verbonde is, volgens die NWU nie hulle kerklike werk deur betrokkeheid by die GTA kon voortsit nie.

Sinode 2023 en daarna

Die professore het voor Januarie 2023 hartlik kon saamwerk in die uitwerk van die TSP-kurrikulum vir gebruik deur die GTA. Dinge het so goed gevorder dat daar selfs oorweeg is om reeds in 2022 die GTA by die Suid-Afrikaanse onderwysowerhede te registreer. Na Sinode 2023 moes die professore vanweë arbeidsregtelike kwessies van werksaamhede wat verband hou met die GTA, onttrek.

Sedert 2023 het die akkreditering van die GTA egter nie plaasgevind nie. Die Rektooraat van die TSP het bly vra dat die aansoekdokumente dringend afgehandel en ingedien moes word. Sou die GTA as tersiêre liggaam in Suid-Afrika registreer, sou daar wel nog gesprekke kon wees oor samewerking tussen die NWU en die GKSA insluitende die deel van professore. Indien dit kon plaasvind sou die beroepe professore hulle roeping tot opleiding van ons studente, wat nou by beide die instansies is, kon nakom.

Die GTA het egter kennis gegee dat hulle nie (in die afsienbare toekoms) plaaslik gaan akkrediteer nie. By die November-Kuratorevergadering is die voor-

stel van die GTA goedgekeur dat eerstejaar teologiese studente van 2025 'n interne sertifikaatkursus doen wat nie geakkrediteer is nie, maar waarskynlik in die toekoms erkenning sal geniet by PRTS in die buiteland.

Opleiding van tweede- tot sesdejaarstudente

Om nie in arbeidsregtelike geskille met die NWU betrokke te raak nie, is die opleiding van vanjaar se eerstejaars deur die GTA aan ander predikante van die GKSA toegeken en vind dit oor afstand plaas. Die beroepe teologiese professore gee vanjaar dus klas vir die tweede- tot sesdejaar kandidaatstudente en hanteer (soos in die verlede) steeds al die ander sake wat die kandidaatstudente betref. Daarmee saam is die professore betrokke by teologiese klasse aan 'n groot aantal studente van die NWU en begelei hulle boonop heelwat meesters- en doktorsgraadstudente.

Die idee wat deur van die briewe geskep word dat dit ongelukkig so is dat nie een van die professore kans gesien het om hulle kontrak met die NWU op te sê nie, gee nie die geheelprentjie nie. Die vraag wat eerder gevra moet word, is of hulle dit behoort te gedoen het. Die professore werk vanjaar met kandidaatstudente van die GKSA uit vyf verskillende jare – tweede- tot sesdejaar – wat nie meer die geval sou wees as hulle hul kontrak met die NWU opgesê het nie.

Om eerder te werk met vyf jare se kandidaatstudente maak meer sin as om net betrokke te wees by 'n eerste jaar van opleiding wat (tans) nie geakkrediteer is nie en boonop nie die TSP se kurrikulum volg nie.

Ook die stelling dat professore "nie een daartoe bereid" is om na 2026 by die TSP werksaam te wees nie, is nie korrek nie. Die vraag wat uitgelook moet word, is eerder oor hoe die TSP

waarvan die professore deel is, in die toekoms met die GTA kan saamwerk al dan nie.

Beroepe professore en 'n eie kurrikulum

Twee sake wat vir die GKSA en sy Teologiese Skool nou al vir meer as 'n eeu en 'n half ononderhandelbaar is, is 'n eie kurrikulum vir ons predikantsopleiding en dat dit teologies deur ons eie professore aangebied word. Omdat dit tans nie met die eerstejaarskursus die geval kan wees nie, en omdat die ooreenkoms met die

NWU aan die uitloop is, het die Rektooraat van die TSP inisiatief geneem en gesprekke gevoer met eendersdenkende binnelands-geakkrediteerde tersiêre inrigtings, en wel in samewerking met die Kuratore-dagbestuur. Baie sinvolle gesprekke het al plaasgevind wat goeie alternatiewe bied.

Dit sal wonderlik wees as nuwe kandidaatstudente van die GKSA reeds vanaf 2026 'n graadkurrikulum kan volg soortgelyk aan die een waaraan die TSP oor jare gewerk het, asook dat ons beroepe professore soos moontlik hierby betrokke sal kan wees. Die professore wat deur die kerke beroep is om ons toekomstige predikante op te lei, wil steeds in afhanklikheid van ons Here hierdie roeping vervul – deur in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse by studente (e.a.) te help kweek. Ons is deur die kerke beroep na die Teologiese Skool. Ons sien dit as roeping van ons Here, het hierdie roeping opgevolg en maak biddend daarmee erns.^{DK}

'n Hele aantal van ons Teologiese Professore is lidmate van GK Potchefstroom Die Bult. Ons het 'n brief gekry van die kerkraad waarin hulle hul kommer uitspreek oor die situasie waarin ons Teologiese Professore tans verkeer, met voorstelle hoe om dit op te los. Hoewel die Redaksie groot begrip het vir die kerkraad se pastorale besorgdheid oor sy lidmate, het ons tog geoordeel dat dit nie wys sal om skrywes van kerkrade te plaas wat langs die kerklike weg hanteer kan word nie. Ons het die brief na die Kuratore verwys. Die Redakteur verwys ook na hierdie brief en die situasie van ons professore in sy redaksionele kommentaar op bladsy 1. (Red.)

Opvolgvrae van br. Johan Rost van Potchefstroom (Die Kerkblad Maart 2025) / Antwoorde van dr. Deon Lartz, voorsitter van die Kuratore

(In lyn met ons redaksionele beleid gee ons geleentheid vir antwoord in dieselfde uitgawe indien direkte vrae aan die betrokke instansie gerig word – Red.)

Baie dankie vir die plasing van my en prof Koos Vorster se briewe en die antwoord van dr. Deon Lartz in sy hoedanigheid as voorsitter van die Kuratore, in die Maartuitgawe van Die Kerkblad. Dr. Lartz het ongelukkig nie al my vrae beantwoord nie en ek glo dat sy antwoorde ook nie groter duidelikheid aan ons lidmate oor die toekomstige GKSA-predikante se opleiding verstrek nie.

1. Ek aanvaar dat die Deputate Regsaangeleenthede aan die Kuratore bevestig het dat die voorgenome herstrukturering van die Privaat Hoër Onderwys (2024) dui op groter staatsbeheer en-voorskrifte. Verder skryf dr. Lartz dat hierdie beperkings ook daarop neerkom dat die GTA vir die afsienbare aantal jare nie grade sal toeken nie.

Vraag: Waarom sou die GTA dan nodig wees? Die TSP vervul reeds die funksie om nie grade toe te ken nie, maar die kerklike kandidaatsertifikaat. Wat dr. Lartz nagelaat het om te sê, is dat na wat verneem word, die regering se bevoegdheid om groter staatsbeheer ook by sogenaamde privaat onderwysinstellings toe te pas en die probleme wat dit vir die kerke se opleiding kan skep, by herhaling uitgewys was. Op watter wyse was dit in die Kuratore se beplanning verreken?

Dr. Lartz antwoord: Akkreditering is en bly die opdrag en doel van die GTA. Die proses om suksesvol te akkrediteer en grade toe te ken, sal egter 'n bepaalde tyd neem. Faktore wat hierin 'n rol speel, is nie net wetgewing wat hoër onderwys reguleer nie. Op al die faktore gaan nie hier ingegaan word nie. Dit is reeds in 'n vorige artikel in *Die Kerkblad* verduidelik. PRTS is dus 'n interimoplossing om grade toe te ken, en is daarom 'n tydelike reëling wat die GTA in staat stel om intussen sy eie opleiding op te rig en te vestig.

2. Dr. Lartz skryf verder die ooreenkoms met die PRTS maak voorsiening daarvoor dat die teologiese en kerk-spesifieke opleiding wat die GTA ontwikkel en aanbied, deur die PRTS erken word en dit gee vir ons studente die moontlikheid om vir 'n MA-graad by PRTS in te skryf.

Vraag: Dr. Lartz se antwoord bevredig nie. "Akkreditasie" van teologiese opleidingsinstansies in die VSA het 'n ander betekenis as in Suid-Afrika. Wat is byvoorbeeld die verskil tussen staatlke- en privaatregistrasie van instellings in die VSA en Suid-Afrika? Wat is moontlike mutasies daarvan en waarby laat die GKSA hom in indien hy 'n verbintenis met byvoorbeeld die PRTS aangaan? Dit is bykans ondenkbaar dat 'n geakkrediteerde instelling (privaat of staatlk) nie-geakkrediteerde onderrig as basis vir nagraadse studie sou aanvaar.

Die Kuratore moet die voor en nadele van die totale "opleidingspakket" opmaak en aan die kerke, moontlik

vir verdere studie en besluitneming, voorlê. Wat is die relevansie van Amerikaanse Puriteinse teologiese opleiding tans vir ons land en GKSA? Puriteinse teologie is bekend vir 'n konserwatistiese, benouende benadering, maar het min oor die uitdra van die evangelie te sê. Voor ons by Puriteinse opleiding inskakel, moet vrae soos hierdie beantwoord word. Wil ons ons toekomstige GKSA-predikante aan sulke opleiding blootstel? Wil ons as GKSA oor 'n aantal jare ons in so 'n "Kloosteragtige opset" bevind?

Antwoord: Die kuratore en die rektoraat het indringend op hierdie vrae ingegaan, en bevind dat PRTS in alle opsigte Gereformeerde is. Daar moet gewaak word om nie teen een woord vas te staan nie. Die ironie is dat PRTS juis die teenoorgestelde is van wat br. Rost van hulle sê. Hulle teologie is juis internasionaal erken, en hulle gee opleiding in 27 lande om die Gereformeerde leer daar te vestig deur middel van opleiding.

Die vennootskap met PRTS plaas juis die GKSA se opleiding in 'n groter konteks, en maak ook die GTA deel van 'n netwerk van Gereformeerde Teologiese opleidingsinstansies. Die plasing van die opleiding in Afrikakonteks word verseker deurdat ongeveer 85% van die opleiding deur ons eie dosente ontwikkel en aangebied word.

3) *Op my vraag oor die nie-geakkrediteerde eerstejaarsopleiding antwoord dr. Lartz dat die samestelling van die kurrikulum sodanig is dat al die kursusse wat aangebied word aan die akademiese vereistes van PRTS voldoen en gevolglik deur PRTS erken word. Hy gaan dan voort om te sê dat die student uiteindelik vir 'n MA-graad by PRTS kan inskryf.*

Vraag: Onder die huidige bedeling skryf 'n student vir 'n driejarige BTh -of 'n vierjarige BDiv-graad in. Sou die student na drie of vier jaar, nagelang van die graad wat hy verwerf, nie verder met sy predikantsopleiding wil voortgaan nie, kan hy van studierigting verander en het hy nie sy geld en tyd vermors nie. Watter akademiese kwalifikasie reik die Kuratore na drie of vier jaar se studie aan die student uit? 'n Nie-geakkrediteerde sertifikaat, maar wat kan hy daarmee maak? Bowendien is dit tans nie aan die kerke meegedeel wat die status van 'n MA-graad by PRTS in die Suid-Afrikaanse onderwysbedeling sou wees nie.

Antwoord: Die opleiding van die GTA word in kwalifikasietipes aangebied wat dien vir erkenning van vooraf leer en dit kan by enige ander instansie ingedien word vir verdere studie. Die fokus is en bly teologiese opleiding, en dit is wat die opdrag van die GTA behels. Die MA-graad is gelykstaande aan 'n honneursgraad in die Suid-Afrikaanse onderwysbedeling.

4) *Op my vraag of die TSP se finansiële posisie regtig*

gesond is, antwoord dr. Lartz dat die koste vir die GKSA per student wat tans by die GTA ingeskryf is, aansienlik laer is as die koste per student, wat tans by die NWU studeer, sou wees. Tegnies staan sake só dat ná 2026 die besoldiging van die huidige professore wat aan die NWU verbind is, aan die kerke beskikbaar sou wees vir opleiding by die GTA.

Vraag: Is die TSP se finansiële posisie regtig gesond? 'n Projek van sodanige omvang word eweneens nie op tegniese punte beslis nie. Daarvoor moet duidelikeheid kom. Ek gaan my nie uitlaat of dit volgens die Kerkorde reg is dat die GKSA sommer sito-sito van hulle versorgingsverantwoordelikhede van die huidige beroepe professore kan wegstap nie. Die GTA is 'n privaatmaatskappy met sy eie direksie, dus 'n aparte regs persoon. Dat sogenaamde besparing op besoldiging van die professore, wat deur die NWU oorgeneem word tot beskikking van opleiding by die GTA gestel word, is beslis nie moontlik sonder 'n besluit van die Sinode van die GKSA nie. Dit bly 'n ope vraag waar die finansiering van die GTA vandaan kom?

Antwoord: Daar was nog nooit enige sprake dat die GKSA "sito-sito" gaan of wil wegstap van die plig tot versorging van die huidige beroepe professore nie. Die professore is deur die kerke beroep en die versorging is en bly die verantwoordelikheid van die kerke. Sinode 2023 het die finansiering van die GTA bepaal en die kort antwoord is dat die finansies van die TSP gesond is.

Om enigszins dit meer duidelik te maak. Die TSP is nie 'n regs persoon wat hulle eie finansies bestuur en in nie. Die Administratiewe Buro is die regs persoon wat die ramings wat vir die TSP gehef word ontvang, en dit bestuur volgens die goedgekeurde begroting van die TSP.

5) *Op my stelling dat die Kuratore voortydig afgestap het van die onderhandeling met die NWU om die huidige ooreenkoms te hersien, het dr. Lartz nie gereageer nie.*

Vraag: Ek stel dit onomwonde dat die huidige ooreenkoms tussen die NWU en die GKSA vir beide partye voordelig is. Die NWU is volgens my inligting gereed om 'n nuwe ooreenkoms te onderhandel. Dit sal sonder twyfel met moeite gepaard gaan, maar die Kuratore plaas beslis nie 'n deurdagte alternatief op die tafel nie.

Antwoord: Sonder om in die besonderhede in te delf, en met volle begrip vir br. Rost se posisie, is sy aanname nie korrek nie. Die Kuratore is maar te deeglik bewus van die posisie wat die NWU inneem ten opsigte van die huidige bedeling en die toekomstige, en werk met die realiteite daarvan.

Sonder om verder te diep in te gaan op korrespondensie wat die Kuratore ontvang het van die NWU in te gaan, is onderhandeling oor akademiese samewerking na 2026 nie moontlik nie. ^{DK}

Die Bemerkingsafdeling, DIE KERKBLAD, Posbus 20004, Noordbrug 2522. Tel: 018 297-3989. Faks: 018 293-1042. E-posadres: wymiedup@gksa.co.za TARIËWE: Advertensies en kleinadvertensies: Op aanvraag beskikbaar. Berigte: R0,20 per woord (min. R5,00) plus R2,20 per sentimeterkolom vir 'n foto. BTW is ingesluit. Volledige besonderhede is by bostaande adres beskikbaar.

VAKANSIE EN VERBLYF

NATALSE SUIDKUS

UVONGO: LA CRETE SANDS. Moderne en luukse vakansie-woonstel met 'n 180^o volle see- en branderuitsig. Reg oorkant die see en reg langs die swemstrand in Uvongo. Eenheid slaap 6 persone; 'n braai-area op jou eie balkon; dubbel toesluitmotorhuis; swembad; volle DSTV-pakket; WiFi; volledig toegeruste kombuis, insluitende wasmasjien, tuimeldroër en skottelgoedwasser. Skakel Luzelle by 071 686 4639 of stuur 'n e-pos na luzelle@uvongoholidays.co.za en kyk gerus na my webblad by www.uvongoholidays.co.za

DOONSIDE (SHANGRI LA): (Twee km suid vanaf Amanzimtoti.) Twee- en drieslaapkamer vakansie-woonstelle vir tot 9 persone teen die strand. Rustige omgewing, vriendelike kompleks, see-uitsig, beveiligde onderdak-parkering, kleur-TV, ens. Braaiplek en swembad op perseel. Privaatbesit, billike tariewe. Skakel asseblief 082 390 9465. E-pos: lettiefour@gmail.com

WESKAAP / TUINROETE

STELLENBOSCH: KIERIE KWAAK selfhelpeenhede en gastehuis (2, 3 en 10 persone) geleë op 'n plaas buite Stellenbosch. Skakel Sonja of Koos van Zyl: faks/tel 021 883 3163 / 082 551 4784 of www.kieriekwaak.co.za vir verdere inligting.

MPUMALANGA

DULLSTROOM: Volledig toegeruste 5-slaapkamerhuis op

'n plaas, 10 km vanaf Dullstroom. Ontbyt op aanvraag. Visvang, stap, ens. Skakel Sarie 082 550 1126.

VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN OORNAG: Luukse oornagwoonstel met veilige parkering, TV. Skoon en netjies. Gasvrye en rustige atmosfeer. Skakel 051 522 6035 of 082 726 9959.

ALLERLEI

Boeke deur Jopie Coetzee

Paasroman: Aangeraak in die maalstroom van die Paasgebeure. A5-grootte. Sagteband. Bl. 315. R250
Paasgedigte: Nuut, alles nuut. A5-grootte. Sagteband. Bl. 120. R150

Paasdrama: Simon en Cyborea – die ouers van Judas Iskariot. A4-grootte. Sagteband. Bl. 60. R250

Hierdie drie titels is ook as vertaalde werke in Engels beskikbaar.

Navrae by Jopie (082 336 8118 of jopie@global.co.za)

Boeke dringend benodig:

1. Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (1966) - L.S. Kruger
2. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering: 'n Handboek by die Kerkorde (1989) – B. Spoelstra
3. Die kerkorde: 'n verklaring van die Gereformeerde kerkorde. (1983) - G.P.L Van der Linde
4. Die Kerkorde in Praktyk (1999) – J. Visser
Betaal kontant en vir koerierdienste. Kontak: Gé Vermeulen (0820497498 of gp.vermeulen@outlook.com)

BOEKE deur prof. V.E. D'ASSONVILLE:

Pryse sluit nie verpakkingskoste en posgeld in nie.

Bestel by: MARNIX Tel: 082 441 5461 (Millie Wyma).

E-pos: milliewyma@ballmail.co.za of www.marnix.co.za

BIOGRAFIES:

1. Dit is Totius..... R120
2. S.J. du Toit van die Paarl..... R180
3. Totius se Oorlogsdagboek R100

HISTORIES:


4. Bloedrivier..... R90
5. Blood River R90
6. Eugène Marais en die Waterberge..... R100
7. Eugène Marais and the Waterberg..... R100
8. Majuba R90
9. Majuba (English version)..... R90
10. Generaal de Wet in die Vredefortkoepel R150

11. Kruger en Rhodes..... R90
12. "O Vaalrivier ... Broederstroom!" R150
13. Op die Bodem van die Vaaldam R120
14. Die Groot Diamantroof R130
15. Die Van der Merwes van Middendeel..... R150

CHRISTELIKE BOEKE:

16. Die Psalms sing van Christus R120
17. Die Boek Openbaring R120
18. The Book of Revelation R120
19. Die koms van Christus en die Antichris R100
20. Hemel, Hel & Nuwe Jerusalem..... R60
21. Kerkgeskiedenis in 30 lesse..... R70
22. Bakens vir die Kerkgeskiedenis..... R60
23. Kerk op die Wit Hooglande R80
24. Koning Dawid R70
25. Gereformeerde Doopsformulier R60
26. Calvyn verdedig sy stad..... R40

BOEKE BY DIE ADMINISTRATIEWE BURO



R145.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)




R50.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



R135.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)




R40.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



**Bestel by: Administratiewe Buro, Afdeling Publikasies, Posbus 20008,
Noordbrug 2522; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za**

Stuur artikels of briewe aan
Die Kerkblad: Posbus 20008, Noordbrug 2522; faks 018 293 1042
E-posadres: kerkblad@gksa.co.za (kopieredakteur)
anberg@absamail.co.za (redakteur)

Afrikaanse Bybels



Meer inligting by: www.bybelgenootskap.co.za